Mev. Angie Motshekga, Minister van Basiese Onderwys

Mnr. Enver Surty, Adjunkminister van Basiese Onderwys

Hierdie werkboeke is vir Suid-Afrika se kinders ontwikkel onder leiding van die Minister van Basiese Onderwys, mev. Angie Motshekga, en die Adjunkminister van Basiese Onderwys, mnr. Enver Surty.

Die Reënboog-werkboeke maak deel uit van 'n reeks intervensies deur die Departement van Basiese Onderwys wat daarop gemik is om die prestasie van Suid-Afrikaanse leerders in die eerste ses grade te verbeter. Hierdie projek is 'n prioriteit van die Regering se Plan van Aksie, en is deur die ruim befondsing van die Nasionale Tesourie moontlik gemaak. Aldus is die Departement in staat gestel om die boeke gratis in al die amptelike tale te voorsien.

Ons hoop dat u as onderwyser hierdie werkboeke in u daaglikse onderrig nuttig sal vind, en dat dit u sal help om seker te maak dat u leerders die kurrikulum dek. Al die aktiwiteite in die werkboeke is voorsien van ikone wat aandui wat die leerders te doen staan.

Ons hoop ook dat leerders dit gaan geniet om die boeke deur te werk terwyl hulle leer en groei, en dat u as onderwyser dit saam met hulle gaan geniet.

Ons wens u en u leerders alle sukses in die gebruik van hierdie werkboeke toe.

ISBN 978-1-4315-0060-4

Rainbow WORKBOOKS

AFRIKAANS HOME LANGUAGE
GRADE 2 – BOOK 2
TERMS 3 & 4
ISBN 978-1-4315-0060-4
THIS BOOK MAY NOT BE SOLD.

Ons leer van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika (1996)

Die Grondwet van Suid-Afrika (1996) is die hoogste wet in die land. Hierdie wet is hoër as die President, hoër as die howe en hoër as die regering.

Die Grondwet beskryf hoe die mense van die land mekaar moet behandel, wat hulle regte is en wat hulle verantwoordelikhede teenoor mekaar is. Die Grondwet is daar om ons almal vandag te beskerm en om die kinders van die toekoms te beskerm.

Onthou ons verlede.	**Ons moenie die foute van die verlede herhaal nie.**	**Ons Grondwet help ons om 'n beter toekoms vir almal te beplan en te bou.**

Ons, die mense van Suid-Afrika,

Erken die ongeregtighede van ons verlede;

Huldig diegene wat vir geregtigheid en vryheid in ons land gely het;

Respekteer diegene wat hul beywer het om ons land op te bou en te ontwikkel; en

Glo dat Suid-Afrika behoort aan almal wat daarin woon, verenig in ons verskeidenheid.

Daarom neem ons, deur ons vryverkose verteenwoordigers, hierdie Grondwet aan as die hoogste reg van die Republiek ten einde—

Die verdeeldheid van die verlede te heel en 'n samelewing gegrond op demokratiese waardes, maatskaplike geregtigheid en basiese menseregte te skep;
Die grondslag te lê vir 'n demokratiese en oop samelewing waarin regering gegrondves is op die wil van die bevolking en elke burger gelyk deur die reg beskerm word;
Die lewensgehalte van alle burgers te verhoog en die potensiaal van elke mens te ontsluit; en
'n Verenigde en demokratiese Suid-Afrika te bou wat sy regmatige plek as 'n soewereine staat in die gemeenskap van nasies kan inneem.

Maak aanspraak op jou regte as 'n Suid-Afrikaner en beskerm die regte van andere.	**Maak seker dat jy die Handves van Regte en Verantwoordelikhede ken.**

Mag God ons mense beskerm.
Nkosi Sikelel' iAfrika. Morena boloka setjhaba sa heso.
God seën Suid-Afrika. God bless South Africa.
Mudzimu fhatutshedza Afurika. Hosi katekisa Afrika.

Werkboeke beskikbaar in hierdie reeks:

- Geïntegreerde Werkboek per kwartaal vir Gr. R (In al die amptelike tale)
- Huistaal Graad 1 – 6 (In al die amptelike tale)
- Wiskunde Graad 1 – 3 (In al die amptelike tale)
- Wiskunde Graad 4 – 9 (In Engels en Afrikaans)
- Lewensvaardigheid Graad 1 – 3 (In al die amptelike tale)
- Eerste Addisionele Taal Graad 1 – 2 (In al die amptelike tale)
- Eerst Addisionele Taal Graad 3 – 6 (In Engels)
- Een Grootboek per kwartaal vir Graad 1, elk met 6 – 8 stories. (In al die amptelike tale)
- Vier plakkate per kwartaal tesame met die IBAT-Werkboeke vir Graad 1

AFRIKAANS HUISTAAL – Graad 2 Boek 2

ISBN 978-1-4315-0060-4

Hersien volgens die KABV 2015



Naam:

Klas:

basic education
Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

Graad 2

AFRIKAANS HUISTAAL

Boek 2
Kwartaal 3 & 4

Laat jou vingers jou help om te lees

Wanneer jy lees, sal jy partykeer woorde kry wat jy nie ken nie. Wanneer dit gebeur, kan jy jou vingers gebruik. Elke vinger kan jou help om uit te werk hoe om die woorde te sê en wat die woorde beteken.



Klanke

aa kaas	oo oog	ee eend	uu vuur
ie mier	ei eier	ui huil	eu deur
oe koedoe	ou ouma	ê lê	ë spieël
aai haai	ooi kooi	eeu leeu	oei  koei

Published by the Department of Basic Education
222 Struben Street
Pretoria
South Africa

© Department of Basic Education
Sixth edition 2016

ISBN 978-1-4315-0060-4

The Department of Basic Education has made every effort to trace copyright holders but if any have been inadvertently overlooked the Department will be pleased to make the necessary arrangements at the first opportunity.

This book may not be sold.

Graad 2

Rainbow WORKBOOKS

Huistaal

IN AFRIKAANS

Hierdie boek behoort aan:

AFRIKAANS

Boek 2

RIGLYNE VIR ONDERWYSERS

Hierdie Werkboek moet tesame met u ander hulpbronne gebruik word, terwyl u deurlopend die volgende basiese begrippe van gedrukte media by leerders ontwikkel:

- Boekhantering: Die korrek wyse waarop die boek vasgehou moet word en daardeur geblaai moet word.
- Boekkonsep: Die voorblad, agterblad, titel en inhoudsopgawe.
- Rigting: Lees van voor na agter, van links na regs en van bo na onder.

ONDERRIGWENKE

LUISTER EN PRAAT

Raadpleeg u Kurrikulum- en Assesseringsbeleidsverklaring (Afrikaans Huistaal), bl. 11.
Leerders moet weekliks aan stories, rympies, gedigte en liedjies blootgestel word.

PRENTEBESPREKINGS

1. Begelei die leerders om:
    - voorwerpe in die prente volgens grootte, vorm, kleur en hoeveelheid te identifiseer en te bespreek
    - die prent te interpreteer deur vrae te vra: wie, wat, waar, wanneer, waarom, wat het vooraf gebeur, wat het later gebeur?
    - 'n klasstorie saam te stel (waarvan die lengte deur die leerders se ontwikkelingsvlakke bepaal sal word)
2. Laat die leerders die klasstorie aan 'n maat oorvertel.
3. Modelleer die skryf van die klasstorie (KABV Huistaal bl. 12, Gedeelde skryf). Maak die leerders deurgaans van die gebruik van hoofletters, spasiëring en leestekens bewus.
4. Laat die leerders die klasstorie dan saam met u lees.
5. Laat die leerders die betrokke week se klanke, woordeskat en/of taalstrukture in die klasstorie onderstreep/omkring.

Lees

Raadpleeg u Kurrikulum- en Assesseringsbeleidsverklaring (Afrikaans Huistaal), bl. 12 – 19, rakende die vyf hoofkomponente van leesonderrig.

Skryf

Raadpleeg u Kurrikulum- en Assesseringsbeleidsverklaring (Afrikaans Huistaal), bl. 19 – 20, rakende handskrif en die skryfproses.
Let daagliks op die volgende:

- die korrekte hantering van kryt of potlood
- rigtingbewustheid: skryf van links na regs en van bo na onder
- die gebruik van skrifstroke om korrekte lettervorming en rigting te demonstreer

Hou die volgende in gedagte:

- Leerders se leervoorkeure verskil. Dit is belangrik dat leerders visueel, ouditief en kinesteties (ervaringsleer) gestimuleer moet word sodat effektiewe leer kan plaasvind.
- Leer vind deur middel van herhaling plaas.
- Leerders moet leer ervaar, dus moet aktiwiteite prakties geoefen word voordat dit skriftelik voltooi word, bv.:
  Woordbou: Laat leerders woorde met letterkaarte bou.
  Begripsvrae: Laat leerders die antwoorde eers mondelings in groepverband voltooi voordat hulle dit skriftelik voltooi. Die groepleier stel die vrae terwyl die groeplede die antwoorde soek en die vrae beantwoord.
  Keuse van woorde om sinne te voltooi: Voorsien onvoltooide sinstroke met woordkaarte aan die groepe. Laat die leerders die sinne voltooi deur die woordkaarte op die korrekte plekke te plaas.
  Keuse van woorde wat by prentjies pas (bl. 17): Vergroot die blad tot A3. Leerders pak in groepverband tellers op die korrekte antwoorde.
  Voltooiing van sinne deur kolomme te verbind (bl. 84): Leerders kies in groepverband die sinstroke wat by mekaar pas.
  Skryf van 'n eie koerantberig (bl. 128): Skryf eers 'n klaskoerantberig en dan 'n groepkoerantberig voordat die leerder sy/haar eie koerantberig skryf.
  Woordeboeke: Maak daagliks van woordeboeke gebruik. Leerders se vermoëns bepaal die moeilikheidsgraad van aktiwiteite. Dit mag soms nodig wees om 'n bladsyverwysing te voorsien.

Nota: Voorsien die groepleier tydens groepaktiwiteite van 'n antwoordstel sodat hy/sy die korrekte leiding aan groeplede kan gee.

Inhoud

Tema 5: Wat ons in die vakansie gedoen het

Kwartaal 3: Week 1 - 4

65 Ná die skoolvakansie 2

Lees 'n verhalende teks.
Beantwoord vrae op grond van die teks.
Klankleer: Woorde met pr- en vr-.
Skryf sinne.
Skryf 'n paragraaf oor die vakansie.

66 Die kalender 4

Vul gebeure op die kalender in.
Beantwoord vrae op grond van die kalender.
Identifiseer die regte voornaamwoorde in sinne.
Pretaktiwiteit om besit bekend te stel.

67 Bongi gaan na 'n verjaarsdagpartytjie 6

Lees 'n verhalende teks.
Beantwoord meerkeusevrae op grond van die teks.
Klankleer: Woorde met kr-, pr- en vr-.
Skryf sinne.

68 Spesiale dae, spesiale boodskappe 8

Plaas prente in die korrekte volgorde.
Skryf 'n sin oor elke prentjie.
Skryf 'n spesiale boodskap in 'n maat se boek.
Sorteer woorde in die korrekte raampies (woorde met st-, sl-, sw- en sk-).

69 Jabu gaan dieretuin toe 10

Lees 'n verhalende teks oor Jabu se besoek aan die dieretuin.
Beantwoord vrae op grond van die teks.
Klankleer: Woorde met tr- en dr-.
Skryf 'n paragraaf oor wat by die dieretuin gebeur het.

70 Ons hou van diere 12

Klankleer: Sorteer woorde in die regte klankbokse (die ui- en y-klank).
Voorsien sinne van die regte leestekens.
Identifiseer antonieme.
Pretaktiwiteit: Kleur 'n prent volgens 'n kleurkode in.

71 Jan gaan lughawe toe 14

Lees 'n verhalende teks van Jan se besoek aan die lughawe.
Beantwoord vrae op grond van die teks.
Klankleer: Woorde met fr-, tr- en dr-.
Skryf sinne met gegewe woorde.
Skryf 'n paragraaf oor 'n spesiale reis.

72 Jan sien 'n vliegtuig 16

Klankleer: Woorde met -nd.
Voltooi samestellings.
Verbind woorde in die teenwoordige tyd met woorde in die verlede tyd.
Gebruik die alfabet om 'n prent te voltooi.

73 Nomsa gaan saam met haar ma werk toe 18

Lees 'n verhalende teks oor Nomsa en haar ma.
Beantwoord meerkeusevrae op grond van die teks.
Klankleer: Woorde met tw- en sw-.

74 Hoe laat is dit? 20

Teken die wysers van horlosies om bepaalde tye te toon.
Skryf neer wat op bepaalde tye gedoen is.
Gee meervoude vir woorde in die enkelvoud.
Maak 'n plakkaat om iets te verkoop.

75 Lebo gaan biblioteek toe 22

Lees 'n verhalende teks oor Lebo se besoek aan die biblioteek.
Identifiseer die korrekte woorde om sinne op grond van die teks te voltooi.
Klankleer: Sorteer woorde in die regte klankkolomme (woorde met kw-, tw- en sw-).
Skryf sinne met gegewe woorde.
Skryf die name van maats se gunstelingboeke neer.

76 Ons biblioteekboeke 24

Teken 'n prentjie van 'n gunstelingboek.
Skryf twee sinne oor die boek.
Verbind woorde in die teenwoordige tyd met woorde in die verlede tyd.
Identifiseer die korrekte werkwoorde in die teenwoordige of verlede tyd om sinne te voltooi.
Voorspel volgens boekomslae waaroor die boeke handel.

77 Thabo gaan sokker kyk 26

Bespreking en voorspelling van waaroor die storie handel.
Lees 'n verhalende teks oor Thabo.
Skryf 'n byskrif vir elke prent.
Klankleer: Sorteer woorde in die regte klankkolomme (woorde met spr- en str-).
Skryf sinne oor gegewe woorde.

78 Die sokkerwedstryd 28

Woorde wat eners klink maar verskillend gespel word (y- en ei-woorde).
Identifiseer die korrekte woorde in die verlede tyd.
Speel 'n woordspeletjie.

79 Die lelike eendjie 30

Bespreek die prente van die verhaal van die lelike eendjie.
Lees die verhalende teks.

80 Die lelike eendjie (vervolg) 32

80b Die lelike eendjie (vervolg) 34

Ná die skoolvakansie

Ons lees

Ons is vandag terug skool toe, ná die vakansie.

Dit was lekker om ons maats weer te sien.

Juffrou het gevra ons moet haar van ons vakansie vertel.

Ons het ons vakansiefoto's vir juffrou gewys. Juffrou het die foto's in die klas omgestuur.

Jabu het dieretuin toe gegaan.

Lebo was by die biblioteek.

Thabo het Soccer City toe gegaan.

Jan was by die lughawe.

Bongi was by 'n verjaarsdagpartytjie.

Datum:

Nomsa het saam met haar ma werk toe gegaan.

Jim het dokter toe gegaan.

Ons skryf

Vul elkeen van die kinders se name in.
Dui aan wat elkeen die vakansie gedoen het, of waarheen hy/sy gegaan het.

Naam	Bongi			
Plek/Doen	Verjaarsdagpartytjie			

Naam			
Plek/Doen			

Sigwoorde

terug
gegaan
het

Werk met woorde

Lees die woorde en luister na die klanke.
Skryf dan jou eie twee sinne in jou klaswerkboek.

pruim	prys	vrou	vraag
praat	pruik	vrat	vrees
preek	proe	vrug	vries



Ons skryf

Skryf vier sinne oor wat jy in die skoolvakansie gedoen het.

ONDERWYSER: Teken _____ Datum _____

Die kalender

Ons doen Kyk na die dinge wat gebeur het. Vul hulle dan op die kalender in.

Jabu verjaar op 25 Julie.
Anita verjaar op 3 Julie.
Lebo moet haar biblioteekboeke op 5 Julie terugneem.
Thabo gaan sokker kyk op 13 Julie.

Jan moet op 18 Julie dokter toe gaan.
Bongi gaan op 21 Julie dieretuin toe.
Anita gaan haar ouma op 28 Julie besoek.
Bongi gaan op 13 Julie by Anita kuier.



Julie			
Maandag	Dinsdag	Woensdag	Donderdag
1	2	3 Anita se verjaarsdag	4
8	9	10	11
15	16	17	18
22	23	24	25
29	30	31	

Ons skryf Beantwoord hierdie vrae oor die kalender.

Vir watter maand is die kalender?	
Hoeveel dae is daar in hierdie maand?	
Op watter dag val 25 Julie?	
Hoeveel Sondae is daar in hierdie maand?	
Watter maand kom voor hierdie maand?	

Datum:

Ons skryf

Lees elke sin en omkring dan die woord wat jy in die plek van die onderstreepte woord kan gebruik.

Bongi speel graag met Santjie.	Jy	Hy	Sy
Jabu gaan graag dieretuin toe.	Jy	Hy	Sy
Lebo hou van boeke lees.	Jy	Hy	Sy
Jan het 'n vliegtuig gesien.	Jy	Hy	Sy
Lebo en Bongi is meisies.	Hulle	Hy	Sy

Jy, hy, sy en hulle is almal voornaamwoorde. Ons gebruik voornaamwoorde in die plek van naamwoorde.

Vrydag	Saterdag	Sondag
5	6	7
12	13	14
19	20	21
26	27	28

Vir die pret

Volg die toutjie om te sien wat hulle in die skoolvakansie gedoen het.



Bongi gaan na 'n verjaarsdagpartytjie

In die Julie-skoolvakansie het Bongi na Nana se verjaarsdagpartytjie toe gegaan.

Daar was baie seuns en meisies by die partytjie.

Nana het baie geskenke gekry omdat dit haar verjaarsdag was. Almal was vol pret en plesier.

Nana het 8 kersies doodgeblaas.
Ons het lekkers en koek geëet.

Voor ons huis toe gegaan het, het ons water gekook om tee te maak.

Ons het almal sokker in die tuin gespeel.
Ben het die bal stukkend gebyt!

Ben was sommer 'n lawwe hond.

Al die kinders het spesiale boodskappe in Nana se verjaarsdagboek geskryf.
Lees wat Bongi geskryf het.

Gelukkige 8ste verjaarsdag, Nana.
Dankie dat jy my na jou partytjie toe genooi het.
Met liefde van Bongi

Datum:

Ons skryf

Lees die storie weer en maak regmerkies (▯) by die regte antwoorde.

Wie het verjaar?	
A	Nana
B	Bongi
C	Jabu

Wanneer was die partytjie?	
A	In Mei
B	In Junie
C	In Julie

Hoeveel kersies het Nana doodgeblaas?	
A	5 kersies
B	6 kersies
C	8 kersies

Wat het hulle gespeel?	
A	Netbal
B	Sokker
C	Rugby

Werk met woorde

Lees die woorde en luister na die klanke.
Skryf dan jou eie twee sinne in jou klaswerkboek.

krap	kriek
kraai	kraak
kruis	kreun

prop	vroeg
pret	vrag
prag	vriend

Sigwoorde

kuier
begin
speel

Ons skryf

Skryf hierdie sin oor.

Die kinders speel in die tuin.

ONDERWYSER: Teken _____ Datum _____

Spesiale dae, spesiale boodskappe

Ons doen Nommer hierdie prentjies in die regte volgorde.

Ons skryf Skryf nou 'n sin oor elke prentjie.

1 _____

2 _____

3 _____

4 _____

Datum:

Vir die pret

Bongi het vir Nana op haar verjaarsdag 'n spesiale boodskap geskryf. Laat 2 van jou maats vir jou 'n boodskap in jou boek skryf. Jy kan 'n spesiale boodskap in hulle boeke skryf.

Spesiale boodskappe van my maats.

Ons skryf

Sorteer hierdie woorde in die korrekte raampies.

skoen

swaai

skil

staal

stel

slag

skaal

swik

sleg

stuk

swem

slaag

ONDERWYSER: Teken _____ Datum _____

Jabu gaan dieretuin toe

Ons lees

Jabu vertel vir die klas van sy besoek aan die dieretuin. Lees wat hy sê.

Ek het saam met my gesin dieretuin toe gegaan.

Ons het met 'n taxi gery, want dit was koud. Daar was baie diere. Ons het sebras, leeus en bokke gesien.

Ek was bly, omdat ek 'n kameelperd met 'n baie lang nek, 'n groot ou olifant en 'n seekoei gesien het. Daar was ook 'n paar plaasdiere. Ek het met die kuikentjies gespeel.

Terwyl ek nog so vir die diere gekyk het, het 'n apie gekom en my bal gegryp. Toe het hy met die bal op 'n muur gaan sit.

Later het ek en my gesin piekniek gehou. Ons het op die groen gras onder 'n boom gesit.

Datum:

Ons skryf

Lees die storie en beantwoord dan die vrae.



Saam met wie het Jabu dieretuin toe gegaan?
Hy het saam met
Hoe het hulle by die dieretuin gekom?
Hulle het met
Wat het hulle gesien?
Hulle het
Wat het die apie by Jabu gegryp?
Die apie het Jabu se

Werk met woorde

Lees die woorde en luister na die klanke.
Skryf dan jou eie twee sinne in jou klaswerkboek.

trein	traan	dra	dryf
trek	treur	druk	draf
troon	trui	draai	drag

Sigwoorde

koud
aan
nou
agter

Ons skryf

Skryf oor wat by die dieretuin gebeur het.
Jy kan dit ook in jou klaswerkboek skryf.

Ons hou van diere

Ons doen Kyk na die klanke in hierdie woorde. Kyk nou hoe ons hulle spel. Pak die woorde wat dieselfde gespel word in die regte boks.

buite | hy | sy | huis | vuil | lui | lys | huil

gryp | verby | byl | uil

Ons skryf Vul die regte leestekens in hierdie sinne in.

waarheen het jabu gegaan

hy het sondag dieretuin toe gegaan

wat het hy gesien

hy het leeus olifante en apies gesien

Datum:

Ons skryf

Watter is teenoorgesteldes? Verbind die woorde in die groen kolom met die woorde in die blou kolom wat die teenoorgestelde beteken. In die voorbeeld het ons lank en kort verbind.
Dit beteken lank is die teenoorgestelde van kort.

Antonieme is woorde met teenoorgestelde betekenisse, bv. mooi – lelik.

lank		klein
op		kort
groot		af
bly		agter
voor		koud
warm		bo
onder		hartseer



Vir die pret

Kleur die spasies met kolle donkerblou in om uit te vind watter dier dit is.
Kleur dan die lug blou in en die bome groen.



Jan gaan lughawe toe

Ons lees

Jan het saam met sy pa lughawe toe gegaan.
Hulle het vliegtuie gaan kyk.

'n Makrostraler het by hulle verbygevlieg.
Hy het 350 passasiers vervoer.

Jan het die groot vliegtuie dopgehou terwyl hulle opgestyg en geland het.

Op elkeen se stert was daar 'n vlag geverf.

Die vliegtuie wat teruggekom het, het op die landingstrook geland.

Jan wil 'n loods word wanneer hy groot is. Hy wil 'n makrostralerloods wees.

Datum:

Ons lees

Lees die storie en beantwoord dan die vrae.

Sigwoorde

aand
alleen
alles

Saam met wie het Jan lughawe toe gegaan?
Hy het saam met
Wat het hulle gesien?
Hulle het
Hoeveel mense kan in 'n makrostraler pas?
Daar kan
Wat wil Jan word wanneer hy groot is?
Hy wil 'n

Werk met woorde

Lees die woorde en luister na die klanke.
Skryf dan jou eie twee sinne in jou klaswerkboek.

fraai	frats	trou	droom
fris	frokkie	tref	draf
frons	frommel	trap	drie



Ons skryf

Skryf iets oor 'n spesiale reis wat jy onderneem het.

Jan sien 'n vliegtuig

Ons doen

Skryf by elke prentjie 'n woord neer wat op -nd eindig en by die prentjie pas.

hand | sand | kind | wind | band | tand | hond | mond



mond _____

_____

_____

_____

_____



_____

_____

_____

Afleidings is basiswoorde met 'n voorvoegsel of agtervoegsel bv. ge+koop

Ons skryf

Voltooi hierdie afleidings.

ge + gaan =	gegaan
ge + ry =	
ge + verf =	
ge + wag =	
ge + vlieg =	
ge + hou =	

ge + gryp =	
ge + sien =	
ge + werk =	
ge + speel =	
ge + land =	
ge + kyk =	

Datum:

Verlede tyd

Ons skryf

Verbind elke aksiewoord met sy regte verlede tyd.

Ons gebruik die verlede tyd as iets klaar gebeur het.

was

gewas

gewerk

gerus

werk

spring

geland

gespring

land

rus

Vir die pret

Verbind die kolletjies en teken jou eie vliegtuig.

Nomsa gaan saam met haar ma werk toe

Ons lees

Tydens die vakansie kon niemand vir Nomsa oppas nie. Sy het saam met haar ma werk toe gegaan. Hulle het agtuur vertrek. Nomsa se ma verkoop vrugte en groente. Sy het haar ma gehelp.

Nomsa het 'n groot plakkaat gemaak.

Mense het die plakkaat gesien, en hulle het groente en vrugte kom koop.

Nomsa het die vrugte in rye gepak. Dit het baie netjies gelyk.

Nadat sy haar werk klaar gedoen het, het sy gerus. Sy het haar gunstelingboek, wat oor 'n seekoei handel, gelees.

Nomsa was baie bly toe hulle vyfuur in die taxi geklim het om huis toe te gaan.

Ons skryf

Lees die storie weer en maak regmerkies (✓) by die regte antwoorde.

Watter werk doen Nomsa se ma?	
A	Sy verkoop vrugte.
B	Sy verkoop groente.
C	Sy verkoop vrugte en groente.

Waarom het Nomsa saam met haar ma werk toe gegaan?	
A	Daar was niemand wat haar kon oppas nie.
B	Sy wou haar ma help.
C	Sy het niks gehad om te doen nie.

Datum:

Hoe het Nomsa haar ma gehelp?	
A	Sy het die vrugte en groente gewas.
B	Sy het 'n plakkaat gemaak.
C	Sy het die vrugte en groente gepak en 'n plakkaat gemaak.

Wat het Nomsa gedoen nadat sy haar ma gehelp het?	
A	Sy het gelees.
B	Sy het geslaap.
C	Sy het gespeel.

Hoe laat het hulle huis toe gegaan?	
A	Drie-uur.
B	Vyfuur.
C	Sewe-uur.

Hoe het Nomsa en haar ma by die huis gekom?	
A	In 'n motor.
B	In 'n bus.
C	In 'n taxi.

Werk met woorde

Lees die woorde en luister na die klanke.
Skryf dan jou eie twee sinne in jou klaswerkboek.

twee	twis	swaai	sweep
twaalf	twak	sweer	swaan
twintig	twyfel	swel	swem

Sigwoorde

altyd
amper
beste

Ons skryf

Skryf hierdie sin oor.

Sy het die appels gepak.

Hoe laat is dit?

Ons doen Teken die horlosie se wysers om te wys hoe laat dit is.

			
8-uur	3-uur	5-uur	10-uur

Ons skryf Skryf wat jy gister gedoen het toe dit so laat was.







Datum: _____

Meervoude

Wanneer ons van meer as een ding praat, voeg ons 'n -s of 'n -e agter aan die woord by. Meer as een meisie is twee meisies en meer as een ring is ringe. Die woord met die -s of -e noem ons die meervoud. Die woord wat nie 'n -s of -e aan het nie, noem ons die enkelvoud.

Ons skryf

Skryf die meervoud van hierdie woorde neer.



trein	treine
trui	
pruim	
prys	
hond	
vrou	

kuiken	kuikens
sebra	
borsel	
korsie	
winkel	
ketel	

Vir die pret

Maak 'n plakkaat om iets te verkoop. Teken 'n prentjie om te wys wat jy wil verkoop.

TE KOOP

Wat verkoop jy?

_____

Hoeveel kos dit?

_____

_____

Waar kan ons dit koop?

_____

_____

_____

_____

Teken 'n prentjie van wat jy gaan verkoop.

Lebo gaan biblioteek toe



Ons lees

Lebo is saam met Anita biblioteek toe.

Anita het Lebo in haar rolstoel gestoot.

Hulle het na baie boeke gekyk.

Lebo het gehou van die boeke wat oor diere handel.

Anita het van die storieboeke gehou.

Die onderwyser in die biblioteek het vir hulle voorgelees.

Hulle mag die boeke 2 weke lank by die huis hou.

Wanneer hulle die boeke klaar gelees het, kan hulle die boeke hernu.

Daar is rakke vol wonderlike boeke in die biblioteek.

Datum: _____

Ons lees

Gebruik hierdie woorde om die sinne te voltooi.

twee | onderwyser | storie | Anita

Sigwoorde

altwee
antwoord
as

Anita het van die _____ boeke gehou.

_____ het Lebo in haar rolstoel gestoot.

Jy mag 'n biblioteekboek vir _____ weke uitneem.

Die _____ het vir hulle 'n storie gelees.

Werk met woorde

Vul die woorde in die regte kolomme in. Lees die woorde dan en luister na die klanke. Skryf nou jou eie twee sinne in jou klaswerkboek.

kwaad | twak | swoeg | kwaak | tweeling | kwyn

kwaai	kwas	twee	swaar

sweet

kweek

Ons skryf

Vra 5 maats van watter boek hulle die meeste gehou het. Skryf elke maat se naam in die tabel, en dan die naam van sy of haar gunstelingboek. Vul dan jou naam in en die boek waarvan jy die meeste gehou het. Maak regmerkies by die boeke wat jy graag sou wil lees.

Naam	Gunstelingboek	▯

Ons biblioteekboeke

Ons doen

Teken 'n prentjie van 'n boek waarvan jy gehou het.
Skryf dan 2 sinne oor die boek.

Wat was die naam van die boek?

Teken 'n prentjie van die boek se buiteblad.

Skryf 2 sinne om te sê waaroor die boek gehandel het.

Ons skryf

Verbind elke woord in die teenwoordige tyd met die regte woord in die verlede tyd.



sien — gesien

gaan — gegaan

slaap — geslaap

gryp — gegryp

vlieg — gevlieg

Die woord gesien vertel ons van iets wat in die verlede gebeur het.

Ons skryf

Omkring die regte werkwoord in elke sin.

Gisteraand het ons die maan gesien/sien.

Nou sien/gesien ek die son.

Gister het Ben vir Anna 'n bal bring/gebring om te gooi.

Elke aand gebring/bring Santjie se ma vir haar melk kamer toe.

Ons gaan/gegaan elke oggend skool toe.

Datum:

Vir die pret

Vetel vir jou maat waaroor jy dink elke boek handel. Sê dan watter boeke jy graag sou wil lees. Nommer die boeke van 1 tot 4. Nommer 1 is vir die boek waarvan jy die meeste hou, en 4 is vir die boek waarvan jy die minste hou.





Ons skryf

Kies een van die boeke en skryf vyf sinne waarin jy voorspel waaroor die boek handel.

Thabo gaan sokker kyk

Ons praat

Kyk na die prente en sê vir mekaar waaroor die storie handel.



Datum:

Ons lees

Sigwoorde

besluit
betaal
beter

Thabo is mal oor sokker. Hy het saam met Jabu en Sarel na 'n belangrike wedstryd gaan kyk. Chiefs en Sundowns het teen mekaar gespeel. Daar was duisende mense in die stadion. Mense het hulle vuvuzelas geblaas. Skielik het dit begin reën. Hulle het met die trein huis toe gery.

Ons skryf

Skryf nou 'n onderskrif vir elke prent op die oorkantse bladsy.

Werk met woorde

Vul die woorde in die regte kolomme in. Lees die woorde en luister na die klanke. Skryf nou jou eie twee sinne in jou klaswerkboek.

sproei
strik
spruit
struikel
stram
spreeu
struik
sproet



Ons skryf

Skryf een sin oor elk van die prente op die oorkantse bladsy

1

2

3

4

Die sokkerwedstryd

Ons skryf

Hierdie klanke klink dieselfde maar ons spel hulle verskillend.
Kyk na elke klank en skryf dit dan in die regte boksie.

eier wyn steil peins
wyer fyn grys kwyl
weier deining styl klein

Ons skryf

Omkring die regte woorde wat die storie van die sokkerwedstryd vertel.

Die kinders sal/het gister met die trein na die wedstryd toe ry/gery.
Ons kyk/het gekyk hoe Sundowns speel.
Die spelers het/sal die bal hard geskop/skop.
Tydens die wedstryd het/sal dit begin reën/gereën.

Datum:

Vir die pret

Speel hierdie speletjie saam met jou maat. Kies die geel of die blou span. Kyk wie kan eerste 'n doel aanteken. Maak beurte om te lees. Elkeen lees net die woorde in die kleur van sy of haar span. As jy 'n fout maak, moet jy 'n beurt oorslaan. Die een wat eerste al die woorde gelees het, teken die doel aan. Speel die speletjie dan nog 'n keer, maar dan moet jy weer vir die ander span speel.



doelhok

trom →	rek →	vurk →
tril	trek	hurk
rok ←	trou ←	styl ←
rak	wou	steil
jy →	hond →	werk →
jou	hand	sterk
tou ←	hy ←	kom ←
wou	sy	hom
pap →	ster →	bad →
pop	ver	bed
kos ←	lap ←	stom ←
kas	pak	styf
begin →	vlag →	brom →
begin	vlak	brak

Die lelike eendjie

Ons praat

Kyk na die prentjies en gesels daaroor.

Ons lees

Eendag lank gelede het Moeder Eend met haar gesin op 'n plaas gewoon. Moeder Eend het op sewe eiers gesit. Sy het gewag dat hulle uitbroei.

Die eiers het een vir een oopgekraak. Almal behalwe een. Dit was 'n baie groot eier.



Moeder Eend het dae lank op die groot eier gesit. Uiteindelik het dit oopgekraak. En daar spring die laaste baba-eendjie uit. Hy lyk groot en sterk. Hy is 'n baie lelike eendjie.

Waar is ek? Wat is my naam?

Moeder Eend neem toe ewe trots al haar baba-eendjies na die dammetjie toe.

Kyk na daardie laaste eendjie.

Hoekom lyk hierdie baba dan so anders?

Ha-ha hie-hie! Watter snaakse eend!

Al die eendjies spring in die water. Hulle swem en speel. Die lelike eendjie swem beter as al die ander eendjies.

Die lelike eendjie (vervolg)

Hulle gaan toe weer terug plaas toe. Die ander diere is onbeskof met die lelike eendjie. Die henne pik hom en die honde blaf vir hom.

Een nag besluit die lelike eendjie om weg te loop.

Die lelike eendjie loop toe weg rivier toe. Daar sien hy pragtige groot voëls wat in die water swem. Hulle vere is so glad. Hulle het lang nekke. Hulle vlerke is baie mooi.

Ek wens ek kon met hulle speel. Hulle is so mooi, en ek is so lelik.

Dit word toe winter. Orals lê daar sneeu op die grond. Die rivier verys. Die lelike eendjie kry koud, en hy is baie ongelukkig.

Ek is heeltemal alleen.
Ek kry baie koud.

Uiteindelik kom die lente. Die son skyn weer en die bome word weer groen. Een oggend sien die lelike eendjie weer die pragtige swane.

Die eendjie is baie hartseer. Hy begin huil.

Ek is so lelik. Ek is alleen.
Ek het nie maats nie.

Die lelike eendjie (vervolg)

Terwyl hy huil, kyk hy af tussen sy trane deur. Hy sien sy weerkaatsing in die water. Hy is 'n pragtige swaan!

Net toe swem die swane verby. Hulle roep die lelike eendjie om saam met hulle te swem. Die lelike eendjie klim in die water, en hy voel weer baie gelukkig.

Inhoud

Tema 6: In die huis

Kwartaal 3: Week 5 - 10

81 Teddie verloor sy hare 36

Lees 'n verhalende teks oor Pam se teddiebeer.
Beantwoord vrae op grond van die teks.
Klankleer: Sorteer woord in die regte klankkolomme (woorde met spr-, str- en skr-).
Skryf sinne met gegewe woorde.
Skryf letters *A, a*.

82 My spesiale speelding 38

Doen 'n opname en stel 'n tabel van die bevindinge op.
Nommer prentjies in die regte volgorde.
Skryf 'n sin oor elke prent.
Identifiseer voornaamwoorde om in die plek van onderstreepte woorde te gebruik.

83 Bongi maak middagete 40

Gesels oor 'n prentjie.
Lees 'n resep.
Beantwoord meerkeusevrae op grond van die resep.
Klankleer: Woorde met be- en ge-.
Skryf sinne met gegewe woorde.
Skryf sinne oor gunstelingkossoorte.
Skryf letters *B, b*.

84 Kos waarvan ek hou 42

Teken 'n prentjie van iets wat hy of sy graag eet.
Verduidelik aan 'n maat hoe om dit voor te berei.
Bou sinne deur onderwerpe met voorwerpe te verbind.
Vul ontbrekende woorde in deur prente as leidrade te gebruik.
Omkring woorde in 'n blokkiesraaisel en verbind hulle met die regte prentjies.

85 Veiligheid in die huis 44

Lees 'n pamflet oor veiligheid tuis.
Beantwoord spesifieke vrae op grond van die teks.
Klankleer: Woorde met ver-, ge- en be-.
Skryf sinne oor hoe om tuis veilig te bly.
Skryf letters *C, c*.

86 Huisreëls 46

Teken 'n prentjie om te wys hoe om tuis veilig te bly.
Skryf 'n sin oor die prentjie.
Gebruik die korrekte leestekens.
Verbind woorde met hul sinonieme.
Voltooi vrae oor hom- of haarself en gebruik eiename.

87 Die verlore selfoon 46

Lees 'n verhalende teks oor 'n selfoon wat weggeraak het.
Beantwoord vrae op grond van die teks.
Klankleer: Sorteer woorde (woorde met -nd, -ld, -rd en -rt).
Skryf oor iets wat hy of sy verloor het.
Skryf letters *D, d*.

88 Op, af en in die rondte 48

Gebruik voorsetsels om items wat weg is, op te spoor.
Voltooi woorde deur -d of -t by te voeg.
Lees aanwysings en voltooi 'n prentjie.
Klankleer: Sorteer woorde in die regte klankkolomme (woorde met spr-, skr-, str- en sn-).

89 'n Kat moet versorg word 50

Lees 'n advertensie.
Beantwoord meerkeusevrae op grond van die teks.
Klankleer: Sorteer woorde in die regte klankkolomme (woorde met -ang, -ing en -ong).
Skryf oor 'n troeteldier.
Skryf letters *E, e*.

90 'n Troeteldier raak weg 52

Vul klinkers in om woorde by die prentjies te laat pas.
Identifiseer vrae, uitroepe en stellings.
Skryf sinne met die korrekte leestekens oor.
Stel 'n kennisgewing op oor 'n troeteldier wat weggeraak het.

91 Uitnodiging na 'n partytjie 54

Lees 'n uitnodiging.
Beantwoord vrae op grond van die uitnodiging.
Klankleer: Woorde met -nk.
Skryf sinne met gegewe woorde.
Skryf sinne oor sy of haar verjaarsdag.
Skryf letters *F, f*.

92 Kom na my partytjie toe 58

Vul 'n uitnodiging na eie partytjie in.
Skryf sinne in die verlede tyd oor.
Identifiseer die eiename en die werkwoorde in sinne.
Voltooi 'n tabel met behulp van inligting uit 'n prentjie.

93 Vyf kuikentjies 60

Lees 'n gedig oor vyf kuikentjies.
Klankleer: Woorde met ê en ë.
Skryf sinne met gegewe woorde.

94 'n Rolspel oor die kuikentjies 62

Doen 'n rolspel oor die gedig.
Identifiseer die korrekte verlede tyd.
Vorm samestellings.
Sorteer woorde volgens klanke.

95 Die seekoei en die skilpad 64

Uitknip-storieboek.

96 Meer oor die seekoei en die skilpad 65

Lees 'n verhalende teks.
Bespreek die teks met 'n maat.

Teddie verloor sy hare

Ons lees

Pam het 'n baie spesiale teddiebeer. Sy slaap graag saam met haar teddie. Haar klein boetie Johan hou ook daarvan om met die teddie te speel.

Eendag toe Pam ná skool by die huis kom, sien sy dat haar teddie snye op sy kop en op sy maag het. Haar bababoetie het die beertjie se hare gesny.

Pam is woedend vir haar kleinboet.

Mamma sit toe vir die beertjie 'n rooi hoed op en trek vir hom 'n blou baadjie aan.

Datum:

Ons skryf

Lees die storie en beantwoord die vrae.

Sigwoorde

bietjie
binne
blou

Wat was Pam se spesiale speelding?

Wie het die beertjie se hare gesny?

Hoe het Pam gevoel toe sy die beertjie sien?

Wat het Pam se ma vir die beertjie aangetrek?

Werk met woorde

Vul die woorde in die regte kolomme in. Lees die woorde dan en luister na die klanke. Skryf nou jou eie twee sinne in jou klaswerkboek.

skrif spraak skroei stroom

skrik streep skryf spring

skraal	skreeu	spruit	straf

Skryf 2 sinne oor 'n spesiale speelding waarvan jy hou.
Jy kan dit ook in jou klaswerkboek skryf.

Ons skryf

Skryf die letters oor.

Ons skryf

a a

My spesiale speelding



Ons doen

Vind uit watter spesiale speelgoed jou maats het. Skryf hul name in die boonste ry, en skryf die name van hul spesiale speelgoed in die onderste ry.

Naam	Pam			
Speelding	beertjie			

Ons skryf

Nommer hierdie prentjies in die regte volgorde.

Skryf nou een sin oor elke prentjie.

1	
2	
3	
4	

Datum:

Ons skryf

Lees elke sin en omkring dan die voornaamwoord wat jy in die plek van die onderstreepte woord kan gebruik.

Pam hou daarvan om met haar teddie te speel.	Jy	Hy	Sy
Pam se ma het die beertjie reggemaak.	Jy	Hy	Sy
Pam se kleinboet het die beertjie gesny.	Jy	Hy	Sy
Die beertjie het weer goed gelyk.	Jy	Hy	Sy
Pam en haar ma is meisies.	Jy	Hulle	Sy



Vir die pret

Volg die toutjies om te sien watter spesiale speelgoed hulle het.



Bongi maak middagete

Kyk na die prentjie en gesels daaroor.

Bongi sal vandag ná skool vir haar maats middagete maak.

Die tower-toebroodjie

Bestanddele

1 eetlepel kondensmelk
1 piesang
grondboontjiebotter
2 snye brood

Metode

1. Smeer grondboontjiebotter op een sny brood.
2. Sny die piesang in skyfies en sit dit bo-op die grondboontjiebotter.
3. Smeer kondensmelk op die ander sny brood.
4. Maak 'n toebroodjie met die twee snye brood.
5. Sny dit in kwarte.

Eet en geniet dit.

Datum:

Ons skryf

Maak regmerkies (☐) by die regte antwoorde.

Hoeveel snye brood het jy nodig?	
A	Een
B	Twee
C	Drie

Wat het jy nog nodig?	
A	Grondboontjiebotter
B	Kaas
C	Melk

In hoeveel stukke is jou toebroodjie nadat jy dit gesny het?	
A	Twee
B	Drie
C	Vier

Watter vrugte het jy nodig?	
A	Appel
B	Pynappel
C	Piesang

Werk met woorde

Lees die woorde en luister na die klanke. Skryf jou eie twee sinne in jou klaswerkboek.

bestuur	beweeg	gery	gesê
bekruip	beroof	geweet	gehad
besluit	benoud	gebring	gebeur

Sigwoorde

breek
bring
daarop

Skryf 2 sinne oor wat jy graag eet.

Ons skryf

Skryf die letters oor.

Ons skryf

b

B

Kos waarvan ek hou



Ons doen

Teken 'n prentjie van iets wat jy kan maak om te eet. Vertel vir jou maat hoe om dit te maak.





Eers . . . ek
Dan . . . ek
Laastens . . . ek

Ons skryf

Bou vier sinne. Verbind die deel in die blou blok met die regte deel in die groen blok.

Ons gebruik **voegwoorde** soos **want** om sinne te verbind.

Pam was kwaad,	want dit was my verjaarsdag.
Ek het 'n toebroodjie geëet,	want haar boetie het die teddie verniel.
Ek het my sambreel gevat,	want ek was honger.
Ek het my kersies doodgeblaas,	want dit het gereën.

Ons skryf

Vul die ontbrekende woorde in om die sinne te voltooi.

vis | appels | lekkers | brood | tee | melk

Ek hou daarvan om		_____ te drink.
Sy hou daarvan om		_____ te eet.

Datum: _____

Ons hou van _____.

Hy hou daarvan om  _____ te eet.

Hulle hou daarvan om  _____ te eet.

Hy hou daarvan om _____ te drink.

Vir die pret

Soek en omkring die eet- en drinkgoed in die tabel. Verbind elke woord dan met die regte prentjie. Party woorde lê dwars en party loop van bo na onder.



b	r	o	o	d	y	k	a	a	s
p	b	q	r	s	t	u	v	p	q
e	e	k	b	e	e	t	w	p	u
i	r	j	r	q	v	i	s	e	h
e	l	e	k	k	e	r	s	l	t
r	g	h	a	x	v	h	y	s	z
s	h	l	v	l	e	i	s	p	x
t	e	e	x	r	z	m	e	l	k





Veiligheid in die huis

Ons lees

WEES VEILIG TUIS

Stoot kastrolle agtertoe op die stoof.

Moenie met die ketel se koord speel nie.

Moenie met medisyne speel nie.



Moenie met blikkies of skerp voorwerpe speel nie.

Moenie met elektriese muurproppe speel nie.

Moenie met paraffien speel nie.

Ons skryf

Lees die pamflet weer en beantwoord dan die vrae.

Skryf een ding neer wat Mamma Beer sê ons moet doen om by die huis veilig te bly.

Skryf een ding neer wat die kangaroe sê ons moet doen om by die huis veilig te bly.

Datum:

Skryf een ding neer wat die haas sê ons moet doen om by die huis veilig te bly.

Skryf een ding neer wat die olifant sê ons moet doen om by die huis veilig te bly.



Werk met woorde

Lees die woorde en luister na die klanke.
Skryf dan jou eie twee sinne in jou klaswerkboek.

vergeet	verhaal	bedank	geëet
vertel	verhoog	bederf	gedink
verkeerd	vervelig	bedoel	gedoen

Sigwoorde

dankie
ding
dink



Ons skryf

Skryf 5 sinne oor wat jy doen om by die huis veilig te bly.

Skryf die letters oor.

Ons skryf



Ons doen

Teken 'n prentjie om te wys wat jy moet doen om by die huis veilig te bly. Skryf dan 'n sin oor jou prentjie.

Ons skryf

Skryf die sinne oor en vul die regte leestekens in. Gebruik 'n hoofletter aan die begin van die sin en 'n punt of 'n vraagteken aan die einde. Onthou om 'n hoofletter te gebruik wanneer jy die name van mense, maande, dae of plekke neerskryf.

jan en anita het saterdag by thabo se huis gaan speel

hou jy van roomys

bongi en nomsa het in julie durban toe gegaan

ek hou van die plakkaat oor veiligheid

Datum:

'n Sinoniem is 'n woord wat dieselfde betekenis as 'n ander woord het.

Ons skryf

Verbind die woorde in die groen kolom met die woorde in die blou kolom wat dieselfde beteken.

korrek	klein
kort	reg
'n klomp	yslik
wegraak	pragtig
praat	baie
groot	verdwyn
mooi	gesels

Vir die pret

Voltooi hierdie sinne oor jou en oor die dinge waarvan jy hou.
Al die antwoorde is name en moet dus met 'n hoofletter begin.

My naam is

My beste maat se naam is

Ek is in _____ (dorp) gebore.

Ek verjaar op

My gunstelingdag van die week

My onderwyser se naam is

My gunstelingboek se naam is

My gunstelingprogram op TV is

Die verlore selfoon

Ons lees

Bongi se pa het sy selfoon verloor.
Hy skree toe: "Weet julle waar my selfoon is?"
Ons het onder die bed gekyk.
Bo-op die rak.
Agter die skryftafel.
In Pa se broeksak.
Buitekant die huis.
In die huis.
Langs die tafel.
Bokant die TV.
En toe – tingeling, tingeling.
Toe kry ons die selfoon in die yskas!

Ons skryf

Lees die storie en beantwoord die vrae.

Wat het die pa verloor?
Het hy
Skryf 2 plekke neer waar hulle die selfoon gesoek het.
Hulle het

Datum:

Waar kry hulle toe die selfoon?
Hulle het
Het jy al ooit iets verloor? Wat was dit?

Werk met woorde

Vul die woorde in die regte kolomme in. Lees die woorde dan en luister na die klanke. Skryf nou jou eie twee sinne in jou klaswerkboek.

rand held word tart

veld boord kind kwart

hand	geld	hard	hart

Sigwoorde

dood
dra
draai
eers



Ons skryf

Skryf wat gebeur het toe jy iets verloor het. Wat was dit? Het jy dit weer opgespoor? Waar het jy dit opgespoor?

Skryf die letters oor.

Ons skryf



d

D

Op, af en in die rondte

Ons doen

Steek iets in die klas weg. Jou maat moet dit soek. Hy of sy moet sê:
"Ek kyk agter die ... of onder die ... of langs die ... ".

Ons skryf

Sê die woord vir elke prentjie. Voltooi dan die woord deur t of d by te voeg.

t d

straat	han ___	ten ___
tan ___	ka ___	 naal ___
be ___	boo ___	hu ___

Datum:

Vir die pret Lees hierdie aanwysings en voltooi dan die prentjie.

Teken die son en 'n vliegtuig hoog in die lug.	Teken 'n slak voor die blomme.
Teken 'n voël in die boom.	Teken 'n skilpad langs die blomme.
Teken blomme onder die boom.	Teken 'n skoenlapper bokant die skilpad.



Ons skryf Sorteer hierdie woorde in die regte geskenkpakkies.

snik	spreeu
sprong	skrop
snak	straf

skryf	straat
spruit	snaaks
skrik	streef

'n Kat moet versorg word

Ons lees

Hou jy van katte?

Ons het 'n wollerige, springerige, pragtige klein katjie wat 'n blyplek nodig het.

Sy het 'n lang stert en strepe.

Sy hou van melk en vis.

Haar naam is Wollie.

As jy wil help deur vir haar liefde en versorging te gee, bel Gugu by die DBV, 012 012 0120.

Ons skryf

Lees die advertensie en maak regmerkies (☑) by die regte antwoorde.

Watter soort troeteldier het 'n huis nodig?	
A	Hond
B	Kat
C	Perd

Vir wie moet jy bel as jy die kat wil hê?	
A	Gugu
B	Die troeteldierwinkel
C	Die boer

Datum:

Wat is die kat se naam?	
A	Wollie
B	Kietsie
C	Ben

Wat eet sy graag?	
A	Melk
B	Kaas
C	Melk en vis

Wat drink sy graag?	
A	Melk
B	Sap
C	Tee

Hoe gedra die kat haar?	
A	Sy is altyd slaperig.
B	Sy spring graag.
C	Sy baklei graag.

Werk met woorde

Vul die woorde in die regte kolomme in. Lees die woorde dan en luister na die klanke. Skryf nou jou eie twee sinne in jou klaswerkboek.

gang spring jong slang

klong ding

vang	ring	tong

Sigwoorde

eerste

elkeen

gebeur

Ons skryf

Skryf oor jou troeteldier. Jy kan ook in jou klaswerkboek skryf.

Skryf die letters oor.

Ons skryf



e

E

'n Troeteldier raak weg



Voeg 'n klinker, a, e, i, o of u, by elkeen van hierdie woorde om hulle by die prentjies te laat pas.

a e i o u

blok	h ___ rk
b ___ nd	fi ___ ts
t ___ s	h ___ k
vl ___ eër	k ___ rse

Sê of hierdie sinne vrae, uitroepe of stellings is, en vul dan 'n ?, 'n ! of 'n punt in.

Wat is jou naam?	Vraag
Hou op	
Vandag se datum is 25 Julie	
Maak gou	
Waar woon jy	
Wanneer verjaar jy	
Ek hou van die somer	
Hou jy van katte	

Datum:



Ons skryf Skryf hierdie sinne oor en voeg die regte leestekens in.

hou jy van katte

my kat se naam is wollie

jannie en sarel hou daarvan om hulle honde te was

my verjaardag is in september

Vir die pret

Stel 'n kennisgewing op oor 'n troeteldier wat weg is.
Vul die oop spasies in en voltooi die kennisgewing.
Teken dan 'n prentjie om te wys hoe die troeteldier lyk.

HELP TROETELDIER VERMIS

Vul in watter soort troeteldier dit is.

Het jy my _____ gesien?

My troeteldier se naam is _____

As jy my troeteldier kry, skakel asseblief vir _____
(Vul jou naam in)

by _____
(Vul jou foonnommer in)

So lyk my troeteldier:
(Teken 'n prentjie van jou troeteldier.)

Uitnodiging na 'n partytjie

Ons lees

Kom na my partytjie toe!

Ek word 8.

My partytjie vind plaas op 10 September 2015.
Dit begin om 3-uur en eindig om 6-uur.
My adres is:
Tambostraat 27
Voëltjiesdorp
Kaapstad

Laat weet my asseblief of jy kan kom.
My telefoonnommer is 021 021 0210.

Van Thabo

Ons skryf

Lees die uitnodiging weer en beantwoord dan die vrae.

Wie gaan 'n partytjie hou?	
Hoe oud sal hy wees?	
Hoe laat gaan die partytjie begin?	
Hoe laat gaan die partytjie eindig?	
Wat is die datum van die partytjie?	
Wat is Thabo se straatnaam en -nommer?	

Datum:

Werk met woorde

Lees die woorde en luister na die klanke. Skryf dan jou eie twee sinne in jou klaswerkboek.

lank	tronk	dank
drink	blink	stink
dink	bank	mank

Sigwoorde

gegee
gister
goeie

Ons skryf

Skryf 3 sinne oor jou verjaarsdag.

Ons skryf

Skryf die sin oor.

Kom na my partytjie toe!

Skryf die letters oor.

Ons skryf

f

J

Kom na my partytjie toe

Ons doen

Vul hierdie uitnodiging vir jou eie partytjie in.

Kom na my partytjie toe!

My partytjie word gehou op _____.

Dit begin om _____ uur en eindig om _____ uur.

My adres is:

_____ straat

Straatnommer _____

Plek _____

Laat weet asseblief of jy kan kom.

My telefoonnommer is _____.

Van _____

Ons skryf

Skryf hierdie sinne oor deur elkeen te begin met "Gister".

Vandag is my verjaardag.
Gister
Dit reën vandag.
Gister het
Vandag is dit sonnig.
Gister was

Datum:

Ons skryf

Onderstreep in elke sin die naam van die persoon en omkring dan die aksiewoord wat sê wat die persoon doen.

Jabu hardloop skool toe.	Pieter skop die bal.
Anita lees 'n boek.	Lebo praat oor die foon.
Pam hou van haar teddie.	Bongi neem 'n kat aan.
Jan speel sokker.	Mandu eet skyfies.

Vir die pret

Hoe oud is hulle? Skryf hulle name en ouderdomme in die tabel neer.



Naam	Ouderdom

Naam	Ouderdom

Vyf kuikentjies

Ons lees

Ma hen en haar kuikens

Sê kuiken nommer een,
Met 'n huppel in sy been,

Sê kuiken nommer twee,
Met 'n sagte klein skree,



Sê kuiken nommer drie,
Met 'n traantjie in sy oog,

Sê kuiken nommer vier,
Weet jul hoekom ek so staar?

Datum:

Sê kuiken nommer vyf,
Met 'n sagte snik,

"Nou kom hier," sê die mamma,
"kom voel hier aan my krop."

Werk met woorde

Lees die woorde en luister na die klanke.
Skryf dan jou eie twee sinne in jou klaswerkboek.

sê	skêr
lê	blêr
wêreld	bêre

reën	voël
geëet	hoë
vlieër	verleë

Sigwoorde

regte
gesien
grond
soms

Ons skryf

Skryf die sin oor.

Kuikens skrop en pik.

Ons skryf

Skryf hierdie letters oor.

g

ŷ

'n Rolspel oor die kuikentjies

Rymwoorde is woorde wat se eindklanke dieselfde klink bv. een en been



Ons doen

Lees die gedig oor die vyf kuikentjies. Omkring die rymwoorde in die gedig. Oefen nou om die gedig saam met vyf van jou maats te lees. Elkeen van julle kry 'n beurt om een van die kuikens te wees. Een van julle moet die mamma-hen wees.



Ons skryf Omkring die regte woorde.

Gister het ek by Bongi se huis gegaan/gaan speel.
Môre het ek skool toe gegaan/sal ek skool toe gaan.
Verlede week sien ek/het ek die kuikens gesien.
Nou speel ek/het ek gespeel met my nuwe kat.

Ons skryf Voltooi hierdie samestellings.

Samestellings is woorde wat meer as een stamwoord het, bv. tafel + poot.

son + bril =	blom + pot =
strooi + hoed =	goud + vis = 
nota + boek =	tande + borsel =

Datum:



Vir die pret

Vul hierdie woorde op die waentjies op die groot wiel in. Trek elke woord dood sodra jy dit op die regte waentjie ingeskryf het.

stroom	wyd	skroef	vuil	toom	skrap	boek	troef
stry	skree	stryd	voel	bly	loof	boom	veel
eier	uil	weier	ruil	bees	peil	leef	kry



Die seekoei en die skilpad

Ons lees

Maak hierdie uitknip-storieboek sodat jy die storie van die seekoei en die skilpad kan lees. Vou op die soliede lyne en knip op die stippellyne.



Ons praat

Lees nou hierdie storie oor 'n seekoei en 'n skilpad. Dit is 'n ware verhaal. Praat met jou maat oor die wonderlike vriendskap tussen hierdie twee diere.

Ons skryf

Lees weer die storie oor die seekoei en die skilpad, en som die storie dan in twee paragrawe van 5 sinne elk op.



1

Later, toe Owen ouer geword het, het hy 'n meisie-seekoei met die naam Cleo ontmoet. Hy en Cleo is tot vandag toe nog gelukkig saam.

Kram aan hierdie kant vas.

Vou op die soliede lyn.

16

Hierdie babaseekoei is ongelukkig. Kom ons gee hom 'n naam.

Knip op die stippellyn nadat jy jou boekie vasgekram het.

8

Hulle neem toe vir Owen na 'n wildtuin toe. Hy het in 'n tuin met 'n groot dam gebly.

Kom, babaOwen. Ek sal jou na 'n wildtuin toe neem.

Ek wil my mammie hê.

Vou op die soliede lyn.

9

Hulle het die babaseekoei uit die see getrek.

Owen het met die ou skilpad gespeel. Hy het dit geniet om op Mzee se rug te ry.

Die babaseekoei het gelukkig saam met sy ma gelewe.

Die seekoei en die skilpad was beste maats. Hulle het saam geëet en gespeel.



In die wildtuin het hy 'n groot skilpad ontmoet.

Almal het probeer om die babaseekoei uit die see te red. Hulle het visnette en 'n bakkie gebruik om hom uit te trek.

Die ou skilpad kon sien dat Owen 'n baba is. Die skilpad moes Owen oppas, hom wys wat om te eet en waar om te slaap.

Eendag was daar 'n groot storm. Die reën het die babaseekoei van sy ma af weggespoel.

Die babaseekoei het na sy ma verlang.

Die rivier het hom meegesleur, en hy beland toe in die see.

Inhoud

Tema 7: Gister, vandag en môre

Kwartaal 4: Week 1 - 4

97 Nuus van 'n maat 70
Lees 'n brief.
Beantwoord meerkeusevrae op grond van die brief.
Bereken spesifieke dae en datums wat in die brief vermeld word en vul dit op die kalender in.

98 Ons planne 72
Klankleer: Woorde met -er en -el.
Skryf sinne met gegewe woorde.
Nommer sinne in volgorde volgens die brief.
Skryf oor eie nuus.
Resiteer 'n gedig.

99 Ons skoolkonsert 74
Lees die program vir 'n skoolkonsert.
Beantwoord vrae op grond van die program.
Klankleer: Woorde met -ks en -lf.
Skryf sinne met gegewe woorde.
Skryf sinne oor die vakansie wat voorlê.
Skryf letters *H, h, I, i, J, j*.

100 Wat ná die skoolkonsert gebeur het 76
Kies in groepsverband items uit die program en voer dit vir die klas op.
Voorspel die slot van 'n storie.
Voltooi die laaste praatborrel in die storie.
Verbind die korrekte sinsdele.
Doen 'n woordraaisel.

101 Tyd 78
Lees die sinne oor Busi se dag.
Identifiseer die korrekte tye.
Vul 'n tabel van Busi se aktiwiteite in.
Klankleer: Woorde met -lk en -lp.
Skryf letters *K, k L, l, M, m*.

102 My besige dag 80
Vul daaglikse aktiwiteite volgens bepaalde tye in.
Gebruik werkwoorde in die verlede tyd in sinne.
Verbind antonieme.
Voltooi prentjies.

103 Danie het 'n slegte week 82
Lees 'n verhalende teks oor Danie.
Beantwoord vrae op grond van die teks.
Klankleer: Sorteer woorde in die regte klankkolomme (woorde met -mp en -ns).
Skryf sinne met gegewe woorde.
Skryf letters *N, n, O, o, P, p*.

104 Wat het met Danie gebeur? 84
Rolspeel wat met Danie gebeur het.
Teken prentjies om eie aktiwiteite uit te beeld.
Skryf sinne oor die prentjies.
Bou woorde en verbind hulle met prentjies.

105 Op reis 86
Lees verhalende teks oor die komende vakansie.
Vul vakansieplanne op 'n kalender in.
Beantwoord vrae op grond van 'n dagplan.
Klankleer: Sorteer woorde in die regte klankkolomme (woorde met -ns en -nt).
Skryf sinne met gegewe woorde.
Skryf letters *Q, q, R, r, S, s*.

106 Nog op reis 88
Identifiseer provinsies op die kaart.
Gebruik die korrekte leestekens.
Voorsien sinne van leestekens en identifiseer sinstipes.
Skryf geskikte titels vir boeke.
Voorspel waaroor die boeke handel.

107 My familie en ons troeteldiere 90
Lees 'n verhalende teks oor familie en troeteldiere.
Voltooi tabel oor familielede onder bepaalde opskrifte.
Klankleer: Woorde met -rg en -rk.
Skryf sinne met gegewe woorde.
Skryf letters *T, t, V, v, W, w, X, x, Y, y*

108 Wat beteken spesiaal? 92
Pretaktiwiteit: Verbind die kolletjies.
Skryf sinne met die korrekte leestekens oor.
Identifiseer werkwoorde en onderwerpe.
Vul 'n sertifikaat vir 'n familielid in.

109 Ons skryf 'n storie 94
Bespreek die intrige van 'n storie met 'n maat.
Vul 'n storiebeplanner onder bepaalde opskrifte in.
Volg instruksies oor hoe om 'n knipselboek te maak.

110 Raaisels 97
Verbind raaisels met die korrekte prentjies.
Skryf antwoorde op die raaisels neer.

111 Jan en die boontjierank 98
Lees verhalende teks oor Jan en die boontjierank.

112a Jan en die boontjierank (vervolg) 100

112b Jan en die boontjierank (vervolg) 102

Nuus van 'n maat

Ons lees

Crestlaan 24
Seaville
Empangeni
3880
20 Augustus 2015

Liewe Bongi

Ek was bly om jou gister by die netbal te sien.

Ons is nou baie besig by die skool. Volgende Vrydag hou ons ons skoolkonsert. Die meisies gaan 'n tradisionele dans uitvoer. Die seuns sal 'n gedig voorlees oor Mzee en die seekoei. Jabu gaan 'n hanswors wees in die konsert.

Ons het pret by die skool. Tydens die pouse speel ek met Zinhle en Lizzy. Gister het ons wegkruipertjie gespeel. Zinhle het in die boomhuis weggekruip.
Ons het haar oral op die speelgrond gesoek maar kon haar nie kry nie.
Toe roep ek: "Zinhle, kom nou dadelik uit!" Toe kry ons haar.

Sien jou weer wanneer ons netbal speel.

Susie

Datum:

Ons skryf

Lees die brief weer en merk (✓) dan die regte antwoord.

Wie het die brief geskryf?	
A	Bongi
B	Susie
C	Zinhle

Wat gaan Lizzy in die skoolkonsert doen?	
A	Dans
B	'n Hanswors wees
C	'n Gedig voorlees

In watter maand sal die konsert wees?	
A	Augustus
B	September
C	Oktober

Wie is Susie se maats?	
A	Zinhle en Robbie
B	Zinhle en Lizzy
C	Lizzie en Sandy

Ons skryf

Lees die brief noukeurig. Probeer die datums en dae uitwerk wat in die brief genoem word. Merk hulle op die kalender. Beantwoord dan die vrae.

Augustus						
Maandag	Dinsdag	Woensdag	Donderdag	Vrydag	Saterdag	Sondag
				1	2	3
4	5	6	7	8	9	10
11	12	13	14	15	16	17
18	19	20	21	22	23	24
25	26	27	28	29	30	31

Op watter datum het Susie die brief geskryf?	
Op watter dag het sy die brief geskryf?	
Op watter datum het hulle wegkruipertjie gespeel?	
Op watter dag het hulle wegkruipertjie gespeel?	

ONDERWYSER: Teken _____ Datum _____

Ons planne

Werk met woorde Lees die woorde en luister na die klanke.
Skryf dan jou eie twee sinne in jou klaswerkboek.

nader	sommer
minder	lekker
sonder	ander

ketel	wafel
sleutel	tafel
bedel	wortel

Sigwoorde

dalk
hart
indien
hand

Ons skryf Nommer die sinne in die korrekte volgorde van 1 tot 3.

	Susie gaan in Augustus in die skoolkonsert dans.
	Susie het vir Bongi 'n brief geskryf.
	Susie en Bongi het by die netbal ontmoet.

Ons skryf Skryf jou eie nuus.

Gister het ek
Vandag
Môre gaan ek
Volgende maand sal ek

Datum:

Vir die pret

Oefen in jou groep om die gediggie oor Mzee, die skilpad, en die babaseekoei te lees. Omkring die rymwoorde met dieselfde kleur.

Rymwoorde se eindklanke klink dieselfde.

Die vrolike babaseekoei

'n Vrolike klein seekoei
Blaas die water deur sy neus.
Hy's klein langs sy pa maar langs
'n hasie is hy 'n reus!
Hy speel nog so lekker.
Toe kom Mzee om die draai.
Van toe af is hulle beste maats.
Wie sou dít ooit kon raai?



Ons skoolkonsert

Ons lees

Program vir die Lesedi-laerskool se skoolkonsert

Datum: 26 Augustus 2015

Hoe laat: 6:00 nm tot 7:30 nm

Items

1. Opening deur ons skoolhoof, mev. A Nkuna
2. Gedig oor Mzee en die seekoei
3. Tradisionele danse
4. Graad 1, 2 en 3 se prysuitdeling
5. Graad 3 se lied
6. Jabu die hanswors

Toegang is gratis

Koek en lekkers sal verkoop word voor die konsert begin.

Ons lees

Lees weer die program van die skoolkonsert en beantwoord dan die vrae.

Op watter datum vind die konsert plaas?	
Hoe laat begin en eindig die konsert?	Begin _____ Eindig _____
Wie is die skoolhoof?	
Wie gaan die hanswors wees?	
Watter klas gaan sing?	
Watter klasse gaan pryse kry?	
Wat gaan by die konsert te koop wees?	
Hoeveel gaan dit kos om die konsert by te woon?	

Datum:

Werk met woorde

Lees die woorde en luister na die klanke.
Skryf dan jou eie twee sinne in jou klaswerkboek.

boks	niks
fiks	links
fluks	faks

wolf	self
kalf	salf
half	golf

Sigwoorde

kind
later
maand
mekaar

Ons skryf

Skryf 'n paar sinne oor wat jy in die vakansie gaan doen.

Ons skryf

Skryf hierdie letters oor.

h H

i I

j J

Wat ná die skoolkonsert gebeur het

Ons doen

Kies in julle groep een item uit die program van die skoolkonsert en oefen dit. Doen dit voor die klas as 'n rolspel. Laat die klas raai watter item julle rolspel voorstel. Julle kan besluit om die gedig te lees, 'n dansie te oefen of 'n liedjie te sing.

Ons skryf

Kyk na die prentjies. Vertel vir jou maat die storie en sê hoe dit gaan eindig. Vul dan die laaste praatborrel in om te wys wat die juffrou sê.

Datum:

Voegwoorde verbind sinne met mekaar.

Ons skryf

Verbind die eerste deel van elke sin in die blou raam met sy korrekte einde in die groen raam.

Die kinders was op die speelgrond	omdat Jim my toebroodjie wou eet.
Ek het 'n toebroodjie geëet	omdat dit pouse was.
Ek het die juffrou geroep	omdat hy stout was.
Juffrou was kwaad vir Jim	want ek was honger.

Vir die pret

Soek die woorde in die blokraaisel wat by die prentjies pas en omkring hulle. Verbind elke woord dan met die regte prentjie. Onthou, die woorde kan dwars of van bo na onder loop.

k	r	o	o	n	b	b	o	k	w
r	u	s	b	a	n	k	b	x	s
o	q	k	e	r	s	i	e	s	o
w	b	o	w	s	h	u	t	t	p
h	a	n	s	w	o	r	s	e	w
d	l	s	a	x	c	l	o	w	d
g	h	m	u	i	s	n	h	e	z
m	o	n	d	h	h	u	i	l	e



Ons lees

Lees die sinne oor Busi se dag, en verbind elke sin dan met die horlosie en prentjie wat daarby pas. Ons het die eerste een vir jou gedoen.













Busi word op Maandagoggend om 6-uur wakker.

Sy gaan om 7-uur in die oggend skool toe.

Sy kom in die middag om 1-uur huis toe.

Sy speel 3-uur in die middag met Pam.

Sy doen om 4-uur in die middag haar huiswerk.

Sy eet om 6-uur aandete.

Sy gaan om 8-uur slaap.















Datum:

Sigwoorde

hierdie
iets
kamer
laaste

Ons skryf Vul in wat Busi so laat elke dag doen.

6-uur	
7-uur	
1-uur	
3-uur	
4-uur	
6-uur	
8-uur	

Werk met woorde Lees die woorde en luister na die klanke.
Skryf dan jou eie twee sinne in jou klaswerkboek.

wolk	kalk	skuld	skulp
melk	dalk	duld	help
valk	balk	veld	tulp

Ons skryf Skryf hierdie letters oor.

k K

l L

m M

My besige dag

Ons doen

Vul in wat jy so laat elke dag doen.

6-uur	
7-uur	
1-uur	
3-uur	
4-uur	
6-uur	
8-uur	

Ons skryf

Wanneer ge- voor aan 'n doenwoord geheg word, beteken dit die aksie het klaar gebeur. Lees elke paar sinne. Voeg ge- by die doenwoord in die eerste sin om die tweede sin te voltooi.

Busi en Pam hou van speel.

Verlede week het hulle netbal gespeel.

Jabu kan soos 'n padda spring.

Gister het hy saam met Johan _____.

Busi koop graag.

Gister het sy vir ons appels _____.

Pam kan die bal baie hard skop.

Sy het die bal so hard _____ dat sy die venster gebreek het.

Datum:

Teenoorgesteldes

Antonieme is woorde met die teenoorgestelde betekenis, bv. mooi – lelik.

Ons skryf

Verbind elke woord in die groen kolom met sy teenoorgestelde in die blou kolom.

op		gelukkig
kom		nag
stadig		kort
nuut		in
dag		oud
uit		ja
hartseer		gaan
nee		vinnig
lank		af

Vir die pret

Lees die sinne en voltooi dan die 3 prentjies.

1 Dit is 8-uur in die oggend. Die son skyn. Die hond jaag die kat tot by die bome.





2 Die kat spring in die boom in.

3 Dit is nag en die kat klim uit die boom uit.

Danie het 'n slegte week

Ons lees

Arme Danie het 'n slegte week. Maandagoggend word hy laat wakker. Toe verpas hy die bus en kom laat by die skool aan. "Waarom is jy laat, Danie?" vra sy juffrou.

Dinsdag is hy betyds by die skool, maar hy het sy skooltas in die bus vergeet. Toe hy by die klas aankom, het hy net 'n sokkerbal by hom. "Waar is jou skooltas, Danie?" vra sy juffrou.

Woensdagoggend word hy vroeg wakker. Hy klim op die bus en ry. En ry. Maar Danie is op die verkeerde bus, en die bus neem hom na 'n ander skool toe. "Waar is Danie vandag?" vra sy juffrou.

Donderdag kan Danie nie sy skoolklere kry nie. Toe gaan hy skool toe met sy swembroek aan. "Waar is jou skoolklere, Danie?" vra sy juffrou.

Vrydag word Danie baie vroeg wakker. Hy kom in die donker by die skool aan. Hy is so vaak dat hy in die klas aan die slaap raak. "Waarom slaap jy, Danie?" vra sy juffrou.

Saterdag gaan Danie skool toe, maar die skoolhek is gesluit. Lawwe Danie! Daar is nie skool op Saterdae nie.

Datum:

Ons skryf

Lees die storie weer en beantwoord dan die vrae.

Waarom was Danie Maandag laat?

Hy was laat omdat

Op watter dag het Danie sy sokkerbal skool toe geneem?

Op watter dag het Danie met sy swembroek aan skool toe gegaan?

Wat het gebeur toe Danie Saterdag skool toe gegaan het?

Werk met woorde

Vul hierdie woorde in die regte kolomme in. Lees die woorde dan en luister na die klanke. Skryf nou jou eie twee sinne in jou klaswerkboek.

hemp dons stomp grens

pens ramp bons kamp

lamp	stamp	frons	gons

Sigwoorde

land
einde
ken
verder

Skryf hierdie letters oor.

Ons skryf

n n

o o

p p

Wat het met Danie gebeur?

Ons doen

Maak 'n rolspel op om te wys wat op elke dag met Danie gebeur het. Maak beurte om Danie te wees. Julle kan ook beurte maak om die juffrou te wees.

Ons skryf

Teken prentjies om te wys wat jy elke dag van die week doen. Vul die dae se name in.

Ons skryf

Kyk nou na die prentjies wat jy geteken het, en skryf wat jy op elkeen van hierdie dae doen.

Maandag	
Dinsdag	
Woensdag	
Donderdag	
Vrydag	
Saterdag	
Sondag	

Datum:

Vir die pret

Maak woorde met die letters en skryf hulle dan in die spasies. Lees elke woord hardop. Hoor jy dat elke blok se woorde rym?

d, l, n → ag: dag

r, b, s → oom

v, m, b → al

gr, v, b → oet

r, s, br → ing

b, r, dr → uk

gr, r, h → ys

wa, la, be → ter

l, b, t → een

da, we, ga → ns

Op reis

Ons lees

Dit is amper tyd dat die vakansie begin. Al die kinders praat oor wat hulle in die skoolvakansie gaan doen. Vyf kinders gaan na ander dorpe toe reis. Hulle onderwyser vra hulle om op die dagplan in te vul wat hulle in die vakansie gaan doen.

Vakansieplanne

Naam	Dag	Plek	Wat gaan hulle daar doen?
Anita	Donderdag	Johannesburg	Gaan na 'n verjaardagpartytjie.
Danie	Maandag	Polokwane	Gaan by my ouma kuier.
Bongi	Woensdag	Durban	Gaan strand toe.
Jabu	Vrydag	Mbombela	Gaan Krugerwildtuin toe.
Busi	Saterdag	Mthatha	Gaan na 'n troue toe.

Vul in wat jy gaan doen.

Datum:

Ons skryf

Lees die dagplan weer en beantwoord dan hierdie vrae.

Wie gaan Johannesburg toe?	
Wat gaan Danie Maandag doen?	
Wie gaan strand toe?	
Wat gaan Busi Saterdag doen?	
Wie gaan Krugerwildtuin toe?	
Waarheen gaan jy?	

Werk met woorde

Vul hierdie woorde in die regte kolomme in. Lees die woorde dan en luister na die klanke. Skryf nou jou eie twee sinne in jou klaswerkboek.

gans sent guns punt

prent kuns tent mens

kans	dans	lint	want

Sigwoorde

klaar
kleine
kort
langs

Skryf hierdie letters oor.

Ons skryf

q Q

r R

s S

Nog op reis

Ons doen

Verbind elke kind met die plek wat hy of sy gaan besoek.

Danie

Polokwane

Bongi

Durban

Jabu

Mbombela

Ons skryf

Anita

Johannesburg

Busi

Mthatha

Skryf hierdie sinne oor. Gebruik hoofletters en punte.

varke het krulsterte

die kameelperd het 'n lang nek

'n sebra het strepe

die olifant het 'n lang slurp

Datum:

Stelsin: Ons sit 'n punt agter 'n sin wat iets vertel. (.)
Vraagsin: Ons sit 'n vraagteken agter 'n vraag. (?)
Uitroepsin: Ons sit 'n uitroepteken agter 'n sin as daar opgewondenheid is. (!)

Ons skryf

Sit die regte leesteken agter elkeen van die volgende sinne. Skryf in die tweede kolom watter soort sin dit is.

Ek hou van lekkers .	Stelsin
Wat is jou naam	
Moenie oor die pad loop nie, daar kom 'n kar	
Waar woon jy	
Ek het 'n pienk teddie	
Wat lees jy	
Ek hou niks van die winter nie	
Oppas, daar's 'n slang	

Vir die pret

Skryf titels vir elkeen van hierdie boeke. Die titel van die boek sê vir ons waaroor die storie handel. Vertel vir jou maat waaroor jy dink elke boek handel. Nommer die boeke dan in die volgorde waarin jy hulle wil lees. Nommer die boek wat jy die graagste wil lees 1 en die een waarvoor jy die minste lus het 4.

My familie en ons troeteldiere

Ons lees

Ek het 'n groot familie. Die niggies en nefies het vandag kom kuier. My ma is 'n verpleegster. My pa werk op 'n skip. My ouma pas ons op wanneer my ma by die werk is.

Ek hou daarvan wanneer die neefs en niggies kom kuier want ons speel sokker en wegkruipertjie. Partymaal wil my babasussie saam met ons speel, maar sy kan nie. Sy is te klein.

Ons het baie troeteldiere. Ek het 'n goudvissie en 'n voël. My sussie het 'n hondjie en 'n mooi katjie. Partymaal wil haar katjie my vis eet.

Ons skryf

Skryf die name neer van mense in jou familie.
Sê hoe julle aan mekaar verwant is en vul dan hul troeteldiere in.

Naam	Watter soort familielid	Troeteldier
Pieter	Neef	Papegaai

Datum:

Naam	Watter soort familielid	Troeteldier

Werk met woorde

Lees die woorde en luister na die klanke.
Skryf dan jou eie twee sinne in jou klaswerkboek.

berg	wurg
murg	sorg
terg	erg

kerk	werk
vurk	merk
kurk	hark

Sigwoorde

minder
miskien
moenie
môre

Skryf hierdie letters oor.

Ons skryf

t T

w W

u U

x X

v V

y Y

Wat beteken spesiaal?

Ons doen

Watter troeteldier kruip hier weg? Verbind die kolletjies om uit te vind.

Ons skryf

Skryf elke sin oor met 'n hoofletter en die regte leesteken aan die einde.

mag ons parkie toe gaan

Mag ons parkie toe gaan ?

anita en bongi gaan parkie toe

moenie so hoog swaai nie

mag ek 'n ballon kry

Datum:

Ons skryf

Doenwoorde vertel vir ons wat gebeur. Lees elke sin en onderstreep die doenwoord. Trek dan 'n kring om die persoon of ding wat iets doen.

Die voëls vlieg.	
Die kat spring.	Die horlosie tik.
Die eende swem.	Die meisie sing.
Die kinders speel.	Die baba huil.

Vir die pret

'n Spesiale toekenning aan 'n familielid

Vul die persoon se naam in.

Hoe is die persoon familie van jou? Is dit jou ma of pa of broer of suster?

Beskryf sy of haar persoonlikheid. Wat maak hierdie familielid besonders?

Toekenning gegee deur

Datum

Teken die persoon.

ONDERWYSER: Teken _____ Datum _____

Ons skryf 'n storie

Ons praat

Praat met jou maat oor 'n storie wat jy gaan skryf.
Vul dan jou idees op hierdie bladsy in.

My storiebeplanning

Wie is in jou storie?

Die karakters en die plek.

Waar gebeur die storie?

Wanneer gebeur die storie?

Die begin

Wat gebeur aan die begin van die storie?

Die middel

Wat gebeur in die middel van die storie?

Die einde

Hoe eindig die storie?

BUITEBLAD

Teken hier 'n prentjie.

Skryf die titel van die boek hier.

Vul jou naam in (jy is die skrywer).

1

Stap 1: Vou op die stippellyn

Stap 2: Vou op die stippellyn

Stap 3: Kram aan hierdie kant.

AGTERBLAD

Rainbow WORKBOOKS

OOR DIE SKRYWER

Skryf jou naam

Jou ouderdom

Waar jy woon

8

Stap 4: Snij op die soliede lyn nadat jy jou boek vasgekram het.

Teken hier 'n prentjie.

Skryf die middel van jou storie hier.

4

Teken hier 'n prentjie.

Gaan hier voort met jou storie.

5

Teken hier 'n prentjie.

Begin jou storie hier skryf.

2

Teken hier 'n prentjie.

Gaan hier voort met jou storie.

3

Teken hier 'n prentjie.

Eindig jou storie.

7

Teken hier 'n prentjie.

Skryf wat gebeur aan die einde van jou storie.

6

Raaisels

Vir die pret

Verbind hierdie raaisels met die korrekte prentjies.
Skryf die antwoorde dan in die leë raampies.



Ek is groot en jy woon in my.
Wat is ek?

huis

Ek is baie lank. Ek woon in die wildtuin. Wat is ek?

Ek het lang ore en ek spring baie vinnig. Wat is ek?

Ek hou van speel en ek is sag.
Wat is ek?

Ek is baie groot. Ek het baie lank gelede gelewe. Wat is ek?

Ek is rooi en geel en ruik baie lekker. Wat is ek?

Ek is groot en bruin en ek kan hardloop en spring. Wat is ek?

Ek is koud en soet en jy kan my eet. Wat is ek?

Ek neem my huisie saam waar ek ook al gaan. Wat is ek?

Ek word oopgemaak wanneer die reën val. Wat is ek?

Jan en die boontjierank



Eendag was daar 'n seuntjie. Sy naam was Jan en hy het by sy ma gewoon. Hy het nie 'n pa gehad nie. Toe sy pa nog gelewe het, het 'n nare reus sy harp gesteel en ook sy hen wat goue eiers gelê het.

Jan en sy ma was baie arm. Jan se ma het vir hom gesê om die koei mark toe te neem en te verkoop.

Op pad het Jan die slagter ontmoet wat vir hom 5 towerboontjies aangebied het. Jan het vir hom die koei gegee en die boontjies gevat.



Het jy ons koei by hom geruil vir 5 boontjiepitte?

Jan se ma was baie kwaad. Sy het die boontjies by die venster uitgegooi. Daar was nie meer kos nie en toe gaan sy en Jan maar bed toe sonder aandete.

Jan en die boontjierank (vervolg)

Die volgende dag was daar 'n hoë boontjierank langs die huis. Jan het met die boontjierank opgeklim.

Toe Jan bo kom, sien hy die nare reus woon daar. Hy het ook sy pa se harp en hen gesien. Jan het die goud geneem en met die boontjierank afgeklim.

Die volgende dag het Jan weer met die rank opgeklim om sy pa se harp te gaan haal. Hy het sy pa se hen gesien wat die goue eiers lê.

Jan het die harp en die hen geneem. Maar toe skrik die reus wakker en jaag vir Jan.

Jan het met die boontjierank afgeklim en die nare reus het hom gejaag.

Jan en die boontjierank (vervolg)

Jan het sy ma geroep.
Sy het uitgekom met die byl.

Sy ma het gekap so vinnig as wat sy kon. Voor die reus vir Jan kon vang, het die boontjierank geval.

Jan en sy ma het vir altyd en altyd gelukkig gelewe.

Inhoud

Tema 8: Vriendskap en omgee

Kwartaal 4: Week 5 - 8

113 Busi se verjaarsdaggeskenk 104

Lees verhalende teks oor Busi se verjaarsdag.
Lees 'n advertensie vir 'n fiets.
Beantwoord vrae op grond van die teks.
Skryf 'n verjaarsdagwens op Busi se kaartjie.
Klankleer: Sorteer woorde in die regte klankkolomme (woorde met -rs, -nk, -lm en -rg).
Skryf sinne met gegewe woorde.

114 Sal sy hierdie fiets koop? 106

Bespreek radio- of televisie-advertensies.
Maak 'n rolspel oor 'n televisie-advertensie op.
Kies die korrekte woorde om sinne te voltooi.
Skryf eie nuus.
Etiketteer die prent van 'n fiets.

115 Busi koop 'n fiets 108

Lees 'n verhalende teks oor Busi.
Beantwoord vrae op grond van die teks.
Klankleer: Sorteer woorde in die regte klankkolomme (woorde met -rp en -rs).

116 Vir altyd beste maats 110

Bespreking en voorspelling van 'n storie.
Voltooi 'n praatborrel.
Skryf boodskappe in kaartjies vir maats.
Skryf die slot van 'n storie.
Ontsyfer woorde.

117 Danie speel sokker 112

Lees 'n verhalende teks oor Danie wat sokker speel.
Skryf die kontraksies in die teks neer.
Beantwoord vrae op grond van die teks.
Skryf sinne in die direkte rede.
Klankleer: Sorteer woorde in die regte klankkolomme (woorde met -rt en -ts).
Skryf sinne met gegewe woorde.

118 Danie maak sy voet seer 114

Nommer prentjies in die korrekte volgorde.
Skryf 'n sin oor elke prentjie.
Gebruik kontraksies.
Verbind sinonieme.

119 Ons help ander 116

Lees verhalende teks oor hoe ander gehelp kan word.
Beantwoord vrae op grond van die teks.
Skryf 8–10 sinne oor hoe ander gehelp word.
Klankleer: Sorteer woorde in die regte klankkolomme (woorde met -ing, -mp, -rm, -er).
Skryf sinne met gegewe woorde.

120 Wat doen ons? 118

Merk die takies wat gedoen word om te help.
Skryf kontraksies neer.
Voorsien die regte voornaamwoorde.

121 Ons vier almal saam fees 120

Lees 'n verhalende teks oor verskillende feesvieringe.
Vul inligting uit die teks in 'n tabel in.
Skryf sinne oor eie feesdae.
Klankleer: Sorteer woorde in die regte klankkolomme (woorde met -lik, -ies, -el, -ste).
Skryf sinne met gegewe woorde.

122 Ons vier nog fees 122

Bespreking en voorspelling op grond van prentjies.
Identifiseer werkwoorde.
Voorsien sinne van leestekens.
Verbind kinders met hul feessimbole.

123 My planne vir volgende jaar 124

Beantwoord vrae oor die nuwe jaar.
Verbind die korrekte sinne met mekaar.
Skryf 'n vakansieboodskap vir 'n kaartjie.

124 Ons skryf 'n storie 126

Bespreek die intrige vir 'n storie met 'n maat.
Vul 'n storieboekplan in.
Skryf 'n storie in 'n knipselboek.

Jy is spesiaal 129

My woordeboek 130

Busi se verjaarsdaggeskenk

Ons lees

Verlede Saterdag was dit Busi se verjaarsdag. Sy het 9 geword. Sy was gelukkig want haar oom het vir haar R50 gegee om vir haar 'n geskenk te koop. Toe sien Busi en Pam hierdie plakkaat vir 'n fiets.

FIETS TE KOOP

Meisies, waarom ry julle nie skool toe nie?

Ry hom voor jy koop.
Bel Barbie by 012 012 0120

Pragtige meisiesfiets te koop.

Die fiets is feitlik nuut.

Hoe lyk die fiets?

- Dit is 'n 50 cm-fiets.
- Dit het 'n mandjie voorop, 'n plastiekwaterbottel en baie goeie remme.
- Die fiets het 'n pienk-en-wit raam, 'n pienk saal wat op en af kan skuif en opgestopte handvatsels.
- Die ketting is bedek sodat jy nie olie op jou bene kry nie.

Ons skryf

Beantwoord hierdie vrae.

Wat is te koop?	
Wie verkoop dit?	
Wat is haar nommer?	
Is die fiets heeltemal nuut?	

Datum:

Sigwoorde

moet
omdat
oomblik
sodat

Ons skryf Skryf 'n verjaarsdagwens op Busi se kaartjie.

Werk met woorde Vul hierdie woorde in die regte kolomme in. Lees die woorde dan en luister na die klanke. Skryf nou jou eie twee sinne in jou klaswerkboek.

kors | skink | walm | erg
verg | galm | gemors | dink



Ons skryf Skryf hierdie woorde oor.

op

af

Sal sy hierdie fiets koop?

Ons doen

Het jy al goeie advertensies op TV gesien of oor die radio gehoor? Waarom was hulle vir jou goed?
Doen in jou groep 'n rolspel vir 'n TV-advertensie om 'n fiets te verkoop of enigiets anders waaraan jy kan dink.

Wat sal jy verkoop?

Ons skryf

Lees elke sin en kies die korrekte woord om die sin te voltooi.



Barbie adverteer dat sy haar/sy fiets wil verkoop.

Busi en Pam dink sy/hulle gaan 'n goedkoop fiets kry.

Busi het by haar/hulle oom R50 gekry vir sy/haar verjaarsdag.

Die fiets se saal is pienk. Dit/sy kan op en af skuif.

Jabu kom toe net daar verby om met haar/sy nuwe skaatsplank te spog.

Datum:

Ons skryf

Skryf jou eie nuus.

By die huis het daar vandag

Ek het vandag by die skool

Gister het ek by die huis

Gister het ons by die skool

Vir die pret

Verbind die woorde met die korrekte dele van die fiets.

handvatsels

saal

pedale

ketting

klokkie

raam

Busi koop 'n fiets

Ons lees

Busi en Pam het na die fiets gaan kyk. "Ry hom voor jy koop," het Barbie gesê.

Busi het op die fiets gery. Die fiets het vinnig gery.

Pam het ook op die fiets gery. "Busi," het sy gesê, "dis 'n baie oulike fiets."

Maar die fiets kos R60 en Busi het net R50. Toe Busi verlede week 9 geword het, het haar oom haar R50 gegee.

Busi gaan toe huis toe en vra vir haar pa om haar R10 te gee. "Ek sal jou R10 gee, maar dan moet jy my eers in die tuin help," sê hy.

"Ek sal jou help, Busi," sê Pam. Toe help Pam vir Busi in die tuin. Hulle tel blare op en lei die plante nat.

"Dankie dat jy my help, Pam," sê Busi.

"Maats is daar om mekaar te help," antwoord Pam.

En toe het Pam en Busi die fiets gaan koop.



Maats help mekaar.

Maats luister na mekaar.

Maats gee om vir mekaar.

Datum:

Ons skryf Beantwoord hierdie vrae.
Skryf jou antwoorde in die tabel neer.

Wat het die fiets gekos?	
Hoeveel geld het Busi gehad?	
Hoeveel geld het Busi kortgekom?	
Wat moes Busi doen om die ekstra geld te verdien?	
Was Pam 'n goeie maat? Hoekom?	
Wat doen jou gawe maat vir jou?	

Werk met woorde Vul hierdie woorde in die regte kolomme in. Lees die woorde dan en luister na die klanke. Skryf nou jou eie twee sinne in jou klaswerkboek.

serp kers slurp wors

harp mors skerp pers



dorp	verwerp	bars	vars

Sigwoorde

sonder
staan
tussen
vertel

Ons skryf Skryf hierdie woorde oor.

dit

in

Vir altyd beste maats

Ons skryf

Kyk na hierdie prentjies. Praat met jou maat oor die storie en sê vir jou maat hoe jy dink dit gaan eindig. Vul dan die laaste praatborrel in om te wys wat hulle doen.

Datum:

Ons doen

Maak 'n kaartjie vir twee van jou beste maats.
Skryf 'n boodskap vir jou beste maats.

Ons skryf

Wat het Pam en Busi met die katjie gedoen?
Skryf die einde van die storie neer.

Vir die pret

Ontsyfer elke woord en skryf die korrekte woord in die spasie daaronder neer. Verbind dan elke woord met 'n prentjie.

tseif	reivël	jmdanie	abl
fiets			

iejtak	jhdonie	sihu	mobo

ONDERWYSER: Teken _____ Datum _____

Danie speel sokker

Ons lees

Danie en Jabu het Maandag sokker gaan oefen. Danie het sy sokkerstewels by die huis vergeet. Die afrigter het gesê: "Jy moenie sonder stewels speel nie. Jy sal seerkry." Maar hy't nie geluister nie en tog gaan speel.

Danie het drie doele aangeteken.

"Sjoe, jy's wonderlik! Dis rêrig koel," het Jabu geskree.

Toe sien Danie sy voet bloei. Dit was baie seer. "Hoe sal ek by die huis kom?" het hy gekerm. "Toemaar, ek sal jou help," het Jabu gesê.

Jabu het vir Danie op sy fiets gehelp. Enver het Danie se boeksak gedra. Hulle het vir Danie huis toe gevat.

"Ma, ek het seergekry", het Danie gesê. "Jy is laf om sonder stewels te speel," het sy ma gesê.

Datum:

Beantwoord nou hierdie vrae.

Maak 'n lys van al die woorde wat in verkorte vorm in die storie is.		

Hoe weet ons dat Danie goed gespeel het?

Hoe het Danie by die huis gekom?

Ons skryf

Skryf tussen aanhalingstekens neer wat hulle vir Danie gesê het.

Afrigter	" "
Jabu	" "
Ma	" "

Werk met woorde

Vul hierdie woorde in die regte kolomme in. Lees die woorde dan en luister na die klanke. Skryf nou jou eie twee sinne in jou klaswerkboek.

tert | fiets | hart | bots

kaart | rats | iets | kort

vaart	stort	maats	rots

Sigwoorde

waarin

waarom

waarvan

word

Ons skryf

Skryf hierdie woorde oor.

aan

af

Danie maak sy voet seer

Ons doen Nommer hierdie prentjies om die korrekte volgorde aan te dui. Skryf dan 'n sin oor elke prentjie.

Eers
Daarna
Later
Op die ou end

Ons skryf Skryf Danie se storie in 2 paragrawe (4–5 sinne per paragraaf).

Datum:

Ons skryf

Verbind elke woord in die boonste ry met die woord in die onderste ry wat 'n soortgelyke betekenis het.

'n **Sinoniem** is 'n woord wat dieselfde betekenis as 'n ander word het.

verspot	lank	pad	gelukkig	kyk
bly	straat	uitgerek	sien	laf

Vir die pret

Verbind die kolletjies om jou eie sokkernet te teken.



Ons help ander

Ons lees

Ons behoort elke dag ander mense te help.
Help jy ander mense en diere?
Wat doen jy om ander te help?
Wie help vir jou?
Wat doen hulle vir jou?

Pam en Pieter help by die huis. Hulle help skottelgoed was.

Pam en Bongi pas ons klein boeties en sussies op.

Jabu help my ouma oor die straat.

Enver en Busi help in die tuin. Hulle trek bossies uit en gooi plante nat.

Datum:

Ons skryf Lees die storie en beantwoord dan die vrae.

Wie help sy ouma?

Wat doen Pam en Bongi om te help?

Wie was die skottelgoed?

Wie trek bossies uit?

Ons skryf Skryf 2 sinne oor hoe jy ander mense of diere help.

Werk met woorde Vul hierdie woorde in die regte kolomme in. Lees die woorde dan en luister na die klanke. Skryf nou jou eie twee sinne in jou klaswerkboek.

sing | damp | arm | donker

ramp | ring | kerm | seker

kring	stamp	warm	beker

Sigwoorde

wêreld
verkoop
vandag
sommer

Ons skryf Skryf hierdie woorde oor.

ons ons

hy

Wat doen ons?

Ons doen

Merk (✓) die takies af wat jy verrig om te help.

- Help skottelgoed was. ☐
- Stof af. ☐
- Maak huis aan die kant. ☐
- Vee. ☐
- Pas die kinders op. ☐
- Help bejaardes. ☐
- Help kos maak. ☐
- Help om die diere te versorg. ☐
- Help om water te gaan haal. ☐
- Help vuur maak. ☐
- Help in die tuin. ☐
- Help inkopies doen. ☐

Ons skryf

Skryf 2 paragrawe waarin jy vertel hoe jy ander help. Skryf in die eerste paragraaf hoe jy jou gesin help. Skryf in die tweede paragraaf hoe jy maats help.

Datum:

'n Voornaamwoord staan in die plek van 'n naamwoord.

Vir die pret

Skiet 'n muntstuk op. As dit kop is, skuif twee plekke aan. As dit munt is, skuif net een plek aan. As jy op 'n plek land moet jy doen wat daar staan.

BEGIN

Sê jou naam.

Balanseer jou potlood op jou vinger.

Sê 'n woord wat met 'n w begin.

Sing 'n liedjie.

Balanseer jou boek op jou kop.

7 5 10 1 4 6
2 8 3 9
Tel agteruit en begin by 10.

Spel jou voornaam.

Maak jou oë toe en glimlag.

'spr-'
Sê 'n woord met 'n spr-klank.

Maak jou skoene los.

Staan en swaai jou arms.

Bedank jou juffrou omdat sy jou so mooi leer.

EINDE

ONDERWYSER: Teken _____ Datum _____

Ons vier almal saam fees

Ons lees

Oor die hele wêreld hou kinders daarvan om presente te kry.

Kersfees is om die draai. Ons gaan presente kry. Ons gaan ook vir ons maats geskenke gee. Ons gaan 'n Kersboom hê. Ons gaan die geskenke onder die boom neersit. Kersfees eet ons koek en lekkers.

Een van die dae is dit Chanoeka. Ons gaan baie lekker kos hê om te eet. Ons hou daarvan om pannekoek en oliebolle te eet. Ons hou ook daarvan om geskenke te kry.

Een van die dae is dit Divali. Ons gaan bokse met lekkers en geskenke kry. Ons gaan ons huis versier en ons gaan vuurwerke hê.



Nie meer lank nie dan is dit Eid. Ek hoop ons gaan mooi geskenke kry. Ons gee ook vir ons maats presente. Ons gaan baie koek en lekkers hê om te eet.

Datum:

Ons skryf

Vul die naam van elke kind in en voltooi die tabel.

Naam	Ouderdom	Vakansiedag	Wat gaan hulle eet?	Gaan hulle geskenke kry?
Linda	8	Kersfees	Lekkers en koek	Ja

Watter feesdag gaan jy vier? Hoe gaan jy dit vier? Jy kan dit in jou klaswerkboek ook skryf.

Werk met woorde

Vul hierdie woorde in die regte kolomme in. Lees die woorde dan en luister na die klanke. Skryf nou jou eie twee sinne in jou klaswerkboek.

sieklik bokkies bedel stoutste

mooiste gewel vlaggies vriendelik

skielik	kalfies	ketel	slimste

Sigwoorde

seun
praat
nooit
groter

Ons skryf

Skryf hierdie woorde oor.

kan

ons

Ons vier nog fees

Ons praat

Gesels met jou maat oor wat in die prentjies gebeur.

Eers

Daarna

Werkwoorde

Ons skryf

Omkring die naam en onderstreep dan die werkwoord wat sê wat die persoon doen.

Werkwoorde is die aksiewoorde of doenwoorde in 'n sin.

Enver speel krieket.
Sharon lees dik boeke.
Jabu hardloop resies.
Madhu swem ná skool.

Pam speel netbal.
Fatima hardloop na die bus.
Busi ry op haar fiets.

Datum:

My planne vir volgende jaar

Ons skryf Beantwoord die volgende vrae:

Watter jaar sal dit wees?	
Watter planne het jy vir die nuwe jaar?	

Ons skryf Verbind elke sin in die blou raam met die regte sin in die groen raam.

Die leeu het kos gesoek.	Ek het my sambreel gaan haal.
Die kat het in die boom opgeklim.	Dit was Lizette se verjaarsdag.
Die seun het die bal te hard geskop.	Die klein diertjies het weggehardloop.
Die kinders het met vuurhoutjies gespeel.	Die bal het die skool se venster gebreek.
Ons het Saterdag 'n koek gebak.	Busi het haar vingers gebrand.
Dit het gereën.	Jabu het die leer gaan haal.

Wat ons vanjaar gedoen het

Ons lees

Vul hier in wat jy in die onderskeie maande van die afgelope jaar gedoen het.

Januarie	Februarie	Maart	April

Mei	Junie	Julie	Augustus

September	Oktober	November	Desember

Ons het 'n besige jaar gehad. Ons het speletjies gespeel. Ons het ons huiswerk gedoen. Ons het vir ander mense gesorg. Ons het maats gemaak. Ons het ons troeteldiere versorg. Ons het geleer van die weer en die seisoene. Ons het van mekaar geleer.

Ons skryf

Vul nou die name van 6 maande in. Skryf dan wat jy gedurende elke maand gedoen het.

1	
2	

Datum:

3	
4	
5	
6	

Ons skryf Beantwoord hierdie vrae.

Watter maand is dit nou?	
Skryf neer wat jy hierdie maand doen.	

Werk met woorde Vul hierdie woorde in die regte kolomme in. Lees die woorde dan en luister na die klanke. Skryf nou jou eie twee sinne in jou klaswerkboek.

smaakvol bruikbaar grensloos soeter

stiller doelloos eetbaar berouvol

kleurvol	vreesloos	leesbaar	gouer

Sigwoorde

gesien
gekry
gehad
gebruik

Ons skryf Skryf hierdie woorde oor.

ons

lê

so

sien

Ons skryf 'n storie

Ons praat

Praat met jou maat oor 'n storie wat jy gaan skryf.
Vul dan jou idees op hierdie bladsy in.

My storiebeplanning

Die karakters en die plek

Wie is in jou storie?

Waar gebeur die storie?

Wanneer gebeur die storie?

Die begin

Wat gebeur aan die begin van die storie?

Die middel

Wat gebeur in die middel van die storie?

Die einde

Hoe eindig die storie?

AGTERBLAD

OOR DIE SKRYWER

Skryf jou naam

Jou ouderdom

Waar jy woon

8

Stap 4. Sny op die soliede lyn nadat jy jou boek vasgekram het.

Stap 2. Vou op die stippellyn

Stap 3. Kram aan hierdie kant.

BUITEBLAD

Teken hier 'n prentjie.

Skryf die titel van die boek hier.

Vul jou naam in (jy is die skrywer).

1

Stap 1. Vou op die stippellyn

Teken hier 'n prentjie.

Skryf die middel van jou storie hier.

4

Teken hier 'n prentjie.

Gaan hier voort met jou storie.

5

Teken hier 'n prentjie.

Begin jou storie hier skryf.

2

Teken hier 'n prentjie.

Gaan hier voort met jou storie.

3

Teken hier 'n prentjie.

Eindig jou storie.

7

Teken hier 'n prentjie.

Skryf wat gebeur aan die einde van jou storie.

6

Jy is spesiaal.
Jou hele liggaam is spesiaal.
Jou liggaam behoort aan jou!

NIEMAND behoort aan jou privaat liggaamsdele te raak nie.

As iemand aan jou privaat liggaamsdele raak, moet jy iemand daarvan vertel.

As iemand jou dinge laat doen wat jy nie wil doen nie, moet jy iemand daarvan vertel.

Jy kan hierdie nommers bel:

Kinderlyn: 0800 05 55 55

Life Line: 0861 322 322

SAPD se noodnommer: 10111

SAPD se misdaadstopnommer: 086 00 10111

Kinderbeskermingseenheid: 012 393 2359/2362/2363

My woordeboek

A a B b C c D d E e F f G g H h I i J j K k L l

M m N n O o P p Q q R r S s T t U u V v W w X Y Z





Finger puppets:
Cut out the finger puppets on the solid black lines and fold on the dotted lines.
Now glue on the back where shown to form a finger puppet. Now tell the story about the hippo and the tortoise.



Cut out the puppets and then carefully cut out the two circles on their legs. Put your 2nd and 3rd fingers through the holes to form legs. You can now tell the story about Jack and the giant.



Ugly Duckling




glue here
glue here
glue here

MASKS: You can use these masks for the role play in worksheet 100.
Cut out the mask on the outer black line.
Tie some string through the holes on each side and you can be either a clown or a hippo, depending on which side you use.



Use this book mark to keep your place in your book.
Write your name on it so that you don't lose it.